BAANBREKERSWERK

deur

G. R. VON WIELLIGH

J. L. VAN SCHAIK BEPK. PRETORIA

439.36
VON

BAANBREKERSWERK

BAANBREKERSWERK

OF

DIE LETTERKUNDIGE, KULTURELE EN POLITIEKE BETEKENIS VAN DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS

DEUR

G. R. VON WIELLIGH

Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners,
Erelid van die S. A. Akademie vir taal, Lettere en Kuns,
Oud Landmeter-Generaal van die S. A. Republiek

UITGEWERS
J. L. VAN SCHAIK, BEPK. PRETORIA
1925

INHOUD.

Voorwoord 7

LETTERKUNDIGE DEEL.

§ 1. Wat het die ou Garde tesame gebring 9
§ 2. Die eerste Vergadering 14
§ 3. Godsdienssin van die Lede 17
§ 4. Die heftige Teenstand en Ondankbaarheid 21
§ 5. Die Geskil tussen ds. du Toit en Pannevis 33
§ 6. »Ons Skryf soos ons Praat« 37
§ 7. Spelling en Skryfvorm 46
§ 8. Watter Lektuur het Leeslus opgewek? 51
§ 9. Waarom nie Kuns gelewer nie? . . . 63
§ 10. Die Taal van die Genootskap 71
§ 11. Die Vergaderings van die Genootskap . 76
§ 12. Die Genootskap en Nederlands . . . 81
§ 13. Die Genootskap is nooit ontbind nie . 85
§ 14. Die Fonetiese Spelling 91
§ 15. Die tydperk van »Ons Taal« 101

KULTURELE DEEL.

§ 16. Hoe Kultuurwerk aangepak was . . . 109

POLITIEKE DEEL.

§ 17. Die Politieke Stryd 116

VOORWOORD.

TOTNOGTOE het ons deur middel van verskeie boeke en ander geskrifte kennis gemaak met »Die Genootskap van Regte Afrikaners« bloot as 'n vereniging wat doelbewus die Afrikaanse spreektaal tot skryftaal wou bevorder en om verder te staan vir ons Nasie en Land.

Maar wat hulle eintlik besiel het om 'n eienaardige rigting in te slaan, en ook wat in hul boesem en hul gedagtewêreld omgegaan het, weet ons maar baie min van af. Die rede hiervoor is Beskeidenheid en Geheimhouding. Van geprys te word het hulle net so min gehou as van slegmaak.

Dit is hierom dat ek op aandrang van sommige persone, wat dit opreg met die Genootskap meen, gehoor gee om uit my aantekeninge en kennis van die verrigtings mee te deel wat tot nut van ons taalgeskiedenis kan wees. Vir die doeleinde het ek tot drie maal na Bloemfontein gereis om met die vroeër redakteur van die *Patriot* en my boesemvrind D. J. du Toit (Oom Lokomotief), die oudae weer te bespreek, omdat baie van my ou aantekeninge in die laaste Vryheidsoorlog verlore gegaan is. Saam met hom het ek my ou boekie oorgelees, daarin verbeter waar ek my misgis het en aangevul wat my onbekend en nie duidelik was nie. Wat die uit-

sluitende eiendom van die lede was, het ons beskeidenheidshalwe verswyg.

Maar ook hierdie boekie het kort daarop sy weg deur middel van my eie hande en instemming van my boesemvrind sy weg na die vlamme gevind om nooit weer gelees te word nie. Slegmaak en afbrekende kritiek van onnadenkende beoordelaars het bygedra om die skrywer en lesers te laat glo dat baanbrekerswerk prullewerk is. Het ons beste Afrikaanse skrywer, Senator Langenhoven, baie maal die klas beoordelaars nie goed laat verstaan dat hulle meer kwaad as goed doen nie?

Om heeltemal die gedagteveld van die Genootskap af te kamp en vir die nageslag te sluit, kan aanleiding gee tot nog meer misverstand, en daarom wil ik die *hoe* en *waarom* van hul handelwyse toelig om beter die doel en strewe van die ou garde te kan begryp.

En dit lê ek nou neer op die ver uitmekaar verstrooide grafte van die ou baanbrekers as 'n krans. Vyftig jare na die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners!

DIE SKRYWER.

Hendrina, Transvaal.
15 Mei 1925.

Naskrif. Hierdie korte verhandeling oor die Letterkundige, Kulturele en Politieke betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners is bedoel as aanvulling van EERST SKRYWERS soos deur my reeds gepubliseer.

LETTERKUNDIGE DEEL.

§ 1 — WAT HET DIE OU GARDE TESAME GEBRING?

WANNEER ons so vrolik op 'n trein met sy moderne geriewe oor 'n kaal vlakte gly, of angs kliprante haastig verbyglip, of kronkelend deur bergpasse heen stoom, dan lyk dit vir ons dat alles daar so vanself gekom het. Ons dink dan nie daaraan watter hoofbrekens dit die ingenieur gekos het, ook nie aan die harde werk wat dit van die arbeiders geverg het, of nie aan die opoffering van geld en moeite nie. Ons verheug ons dan alleen in die genot!

Presies net so was dit met die Afrikaanse Taalstryd gewees.

Die Genootskap van Regte Afrikaners moes hul eie weg vind, sonder enige gegewens om op te vertrou, hul vrye tyd moes hul daaraan bestee, en sonder enige beloning moes hulle die saak van liefde uit eie sak bekostig. En moes dit aanpak van die staanspoor af onder die heftigste teenstand, onder die veragtelikste bespotting en sonder die minste aanmoediging of invloed.

En waarom is al die leed die ou baanbrekers oorval?

Vir niks anders nie as dat hulle dit gewaag het om die volk te oortuig dat ons 'n eie, 'n skone en 'n baie bruikbare taal het wat net wag om tot skryftaal

ontwikkel te word, en verder dat ons op kulturele en politieke gebied diep in die slaap geval het. Dit was die Genootskap se grootste sonde, en daarvoor moes die lede dit gedug vergeld. En DIT WAS DIE GENOOTSKAP WAT DIE EERSTE BASUIN TOT ONTWAKING ONDUBBELSINNIG LAAT WEERKLINK HET — iets wat in die teenswoordige stryd uit die oog verloor word! Wat so anders is as met Jozua en David, wat nooit vergeet het tydens hul skitterende oorwinnings, om die jong geslag gedurig te herinner aan Moses met sy mannemoed teen die magtige vors Farao, aan sy baanbrekerswerk en aan die heftige teenstand, wat hy in die woestyn moes beveg — teenstand van sy eie hardnekkige nasie.

Tydens die Genootskap opgerig is, was die Hollandssprekende Afrikaners taamlik goed gegradeer: die wat hulle gemaklik ná die oorname van die Kaap deur Engeland laat onderwerp het, het op hul plase in die suidwestelike distrikte van die Kaap bly woon. Teen die wederregtelike handeling van Lord Charles Somerset, om Engels as die enigste offisiële taal te erken, het hulle nie groot teenstand gebied nie — selfs die Hollandse Kerk het later aanddienste in Engels gehou. Die medium van onderwys was Engels, terwyl die Afrikaanse geskiedenis en aardrykskunde totaal verwaarloos was waardeur die jonger geslag hard besig was om hul eie sedes, kultuur en gebruike oor boord te gooi om hul by die Europese standaard aan te pas. Die stede en dorpe neem die voortou en die boere wou nie meer so »boers« bly nie. Vinnig was byna almal op die pad van beskawing(?). Die Afrikaners het toe lankal verleer om Hoog-Hollands te praat, Engels moes die plek inneem; dit

sal nie so maklik gaan nie, want daar was die groot binnelande om rekening mee te hou. Maar wen die jong geslag, dan het jy die toekomstige nasie; dus mog geen middel om dit te verkry onbeproef gelaat word nie. En een van die doeltreffendste middels om aan te wend is spot. Spoedig moes die Afrikaner hoor: »Julle het geen taal nie!« »Wat julle praat is 'n Hotnotstaal!« En wie in daardie tyd geleef het, het positief geglo dat Afrikaans 'n Hotnots- en Kombuistaal is. Wie nogal Hollands geleer het, het sulks gedoen om 'n preek te volg, om as lidmaat van die kerk aangeneem te word en om Hollands te kan skryf. Maar Engels was toe alles: dit was die handelstaal en soos gesê ook die enigste offisiële taal.

Dit is reeds algemeen bekend dat Arnoldus Pannevis die eerste persoon was wat daarop aangedring het, dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word. Hy het gemeen dat dit somar kan geskied nes met die inboorlingtale waarvan daar geen vaste schryfvorm hoef te bestaan nie. Ná nege jare met die saak gedweep te hê, het dit hom geslaag om enige bekeerlinge tot sy sienswyse oor te haal — meestal jong manne onder dertig jaar oud en wat onder hom aan die Pêrelse Gimnasium gestudeer het. Soos dit maar alte dikwels die geval is met bekeerlinge was hulle baie geesdriftig vir die onderneming, maar was in die begin nie so ingewy om dit op bekwame wyse te verdedig nie — met redelike verstand het hulle hul saak bepleit en nie juis met versiering van geleerdheid nie.

Pannevis was wel 'n geleerde man, maar was onbekend met die Afrikaanse toestande en daarby baie onprakties. Sy geesdrif, om die Bybel in Afri-

kaans oor te sit, het hom eers op die regte weg gelei om te probeer deur middel van die nuusblaaie die algemene opienie van die publiek te verneem. Met uitsondering van sy paar bekeerlinge het hy 'n storm van teenstand ondervind soos hy nie verwag en kon verduur het nie. Vir die Afrikaner was Afrikaans eenmaal 'n Hotnotstaal, 'n kombuistaal en 'n gemors van lae Hollands en wat nie alles nie. Die kreet word aangehef: »Godslastering!« »Dit sal heiligskennis wees om God se dierbare Woord daarin oor te sit!« Sommige maak verfoeilike Afrikaanse vertalings en roep uit: »Hoe sal so'n taal van die kansel klink?« En die skreeuers wou Pannevis stenig as hulle maar kon.

Wat doen Pannevis toe?

Sonder om iemand te raadpleeg skryf hy op eie gesag aan die Britse en Buitenlandse Bybelgenootskap op 7 November 1874 'n brief, waarin hy versoek om die Bybel in Afrikaans oor te sit, en noem daarin de naam van ds. S. J. du Toit — sonder dié se wete — as die gewenste persoon daarvoor. Dit gee toe aanleiding tot 'n korrespondensie tussen ds. Morgan, die sekretaris van die Bybelgenootskap en ds. du Toit, wat versoek om die saak met enige vrinde te bespreek.

Onder die bespreking van die vertaling van die Bybel in Afrikaans blyk dit dadelik dat dit onsin is om aan so iets te dink alvorens Afrikaans eers 'n vasgestelde schryfvorm besit. Hoewel oor die onderwerp in die koerante geskrywe was, was ander sake, soos hervorming van skole, politiek en diesmeer daarby ingesleep, maar om 'n besliste stap in die rigting te neem om Afrikaans te ontwikkel was aan die toe-

koms oorgelaat. Maar nou op daardie vergadering, gehou aan die woonhuis van Gideon Malherbe, Pastorielaning, Pêrel, op Saterdag 14 Augustus 1875, het DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING sy onstaan ontleen, en toe word besluit om »Die Genootskap van Regte Afrikaners« vir die doel om Afrikaans te ontwikkel te stig. Dus die vergadering was nie byeen geroep met die doel om aan 'n voorafgevoelde behoefte te voldoen nie; maar die behoefte is eers geskep onder die bespreking van iets onprakties. Die vertaling van die Bybel word aan die toekoms toevertrou en gevolglik links gelê om eendag aan te pak.

Pannevis was tot hierdie vergadering nie uitgenooi nie, en toe hy van die besluit van die vergadering verneem het, kon hy hom wel verenig met die stigting van die Genootskap, dog om te verneem dat die oorsetting van die Bybel in Afrikaans tot onbepaalde tyd uitgestel is, het dit hom diep gegrief sodat dit hom die moed ontneem het om 'n warm ondersteuner van die Genootskap te word; eers by die derde vergadering het hy hom as lid laat inskryf en ná hy herhaaldelik daarop aangedring het dat die Genootskap uitvoering aan sy lieflingswens moet gee en toe die lede volhou dat die tyd daarvoor nog nie aangebreek het nie, het hy na verloop van 'n paar jaar as lid bedank. Sy vernaamste teenstander hierin was ds. S. J. du Toit, en hierdie feit was oorsaak dat die twee soms oorhoeks geraak het. Met sy bedanking het Pannevis as rede opgegee dat sy gesondheid hom nie toelaat om aan te bly nie, maar die grootste dryfveer was: teleurstelling! Hoe graag sou hy die Bybel in Afrikaans vóór sy dood nie gesien het nie! Hy het bly volhou dat, as die Bybel een-

maal in Afrikaans gedruk is, sal die mense dit lees en sodoende sal hulle hul met die schryfvorm versoen. Die ander lede het hom daarop gewys dat sy vrome wense nooit vervul sal word nie en dat die Afrikaanse Bybel — soos hy dit wil hê — daar ongelees en onverkoop sal bly lê; maar die regte weg is: wen eers die Kerk en Volk vir Afrikaans, dan is die vertaling van die Bybel iets onvermydeliks, want dan sal die Kerk en Volk selfs daarom vra. En om die Kerk en Volk daarvoor te wen moet die opkomende geslag daarvoor opgevoed word. Dus wat Pannevis in 'n paar jaar tot stand wou bring, is 'n kwessie van jare harde werk, stryd en baie opofferings — gelukkig was ons Afrikaanse resensers in daardie dae nog nie gebore nie anders was dit — soos nou in ons tyd — oorlog met die teenstanders en burgeroorlog met eie taalvrinde.

---

§ 2 — DIE EERSTE VERGADERING.

Die persone wat aan die huis van Gideon Malherbe op Saterdagmôre die 14de Augustus samegekom het, was: —

Stefanus Jacobus du Toit, 27 jaar oud, Predikant en onderwyser in ou tale Pêrelse Gimnasium,

August Ahrbeck, 24 jaar, teologiese student, Stellenbosch,

Stefanus G. du Toit, 20 jaar, wynboerseun, student Pêrelse Gimnasium,

Casparus Petrus Hoogenhout, 32 jaar, onderwyser te Groenberg, Wellington, distrik Pêrel,

Daniël François du Toit, D. P. sn., 29 jaar, onderwyser te Daljosaphat, Pêrel, beter bekend as »Oom Lokomotief«,

Daniel François du Toit, D. J. sn., 25 jaar, wynboer te Daljosaphat, Pêrel, beter bekend as »Dokter«,

Gideon Jozua Malherbe, 42 jaar, wynboer, Pêrel,

Petrus Jacobus Malherbe, 22 jaar, wynboer, Daljosaphat.

Dit is die ag stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners. Eerwaarde J. Pieter Dempers was verwag, maar het nie opgedaag nie; hy het hom by vorige geleenthede te sterk ten gunste van Afrikaans uitgelaat, was gewaarsku dat sy amp daarmee in gevaar staan en dus was hy maar baie versigtig vir die kerkraad.

'n Studie van bogenoemde ag name sal ons oortuig: *a*) dat hulle — behalwe Gideon Malherbe en Hoogenhout — almal onder 30 jaar was, *b*) dat hulle — behalwe Ahrbeck en Hoogenhout — wynboere was, *c*) behalwe Hoogenhout en Ahrbeck was die ander bloedverwante, en *d*) dat vier van hulle aan die gee van onderwys verbonde was. Is dit dan nog 'n wonder dat die teenstanders hulle later die smalende aanmerking toegevoeg het: — »Wat! Wil daardie jong skoolmeestertjies en Dalse wynboertjies vir ons van 'n Hotnotstaal 'n beskaafde een maak? Dit sit nie in hul twak nie!« Dit hét 'n bietjie vreemd gelyk, ook het almal volle baard gedra en het nie geskeer nie. Behalwe ds. du Toit en teologiese student, Ahrbeck, het die ander geen hoë letterkundige opleiding op 'n kollege of uniwersiteit geniet nie. En dit is *hulle* wat die durf besit het om aan die Afrikaanse spreektaal 'n skryfvorm te gee.

Die Genootskap is gestig met die doel: »Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land« — soos vasgestel op die twede vergadering. Dus word dit 'n letterkundige, 'n kulturele en 'n politieke genootskap — voorwaar 'n reuse onderneming vir sulke jong ongeoefende persone! Sou die jong manne, wat pas hul kort broeke ontgroei het, dit ooit sonder sedelike, geldelike en vakkundige steun kan regkry? Tyd het ons geleer dat hulle wel deeglik dit reggekry het om 'n vaste fondament te lê waarop hul opvolgers gebou het. Hulle het die taak voor hulle met hand en tand aangepak, het gewillig en vrywillig dag na dag al hul beskikbare vrye tyd daaraan opgeoffer en het bo hul vermoë dit bekostig. Op eie krag wou hulle nie steun nie en daarom het hul vertrou op die leiding van die Bestierder van ons lotgevalle — dit word deurgaans 'n saak van gebed gemaak, 'n sekere uur in die week was toe daarvoor vasgestel, wanneer elke lid in eensaamheid hom vir die doel afgesonder het. Op hierdie punt kom ons later weer terug. Dit het voorwaar die geloof van 'n Abraham nodig gehad om te kan glo dat hulle poging eindelik sal slaag.

Die eerste vergadering was eintlik 'n voorlopige een om die bybelvertaling in Afrikaans te bespreek en was deur ds. du Toit byeen geroep. Twee kommissies was benoem, een om rapport uit te bring omtrent die oorsetting van die Bybel in Afrikaans, en die ander om die naam van die Genootskap vas te stel en om 'n handleiding op te trek watter spelreëls meer of min gevolg sal word.

§ 3 — GODSDIENSSIN VAN DIE LEDE.

Ná verloop van tyd het die ledetal van die Genootskap gestyg tot sowat 50 manspersone — vrouens was nie toegelaat nie met die oog op die geheimhouding van die name van die lede. Soos ons weet, het die lede in geheim ontmoet om hulle te vrywaar van vervolging en die liederlikste bespotting deur die teenstanders, wat volhou dat die Genootskap die volk tot barbaarsheid wil terugvoer.

Dan, die Genootskap was nie alleen 'n letterkundige vereniging nie, maar ook 'n kulturele liggaam. In die kultuurstryd, wou hulle dit dryf op suiwer Kristelike grondslag. Om hierdie rede het hulle as beginsel neergelê om niemand, wat nie in die versoeningsdood van Kristus glo nie, as lid van die Genootskap toe te laat nie. Dit egter het persone van ander godsdienstige oortuiging van die *taalbeweging* nie uitgesluit nie, maar *die lede* wou nie gehinder wees nie wanneer hulle hul vergaderings met gebed open en sluit. En soos reeds meegedeel, het hulle die grootse onderneming 'n saak van gebed gemaak, wanneer almal eensgesind die knieë saam vóór die Troon van Genade kan buig. Inwendig moes niks hul hinder nie, want die stryd daar buite teen die magtige teenstanders was te heftig om nog onderling verdeeldheid van gevoelens te duld.

Bowendien het hulle vir hul te magteloos sonder die hulp van die Allerhoogste gevoel en so menigmaal was in hul gebede gehoor: »Here, sonder U sal ons nie optrek nie.«

Afgesien van dit alles, al die lede het opgegroei

in godsdienstige huisgesinne in die distrik Pêrel, alwaar die meeste Hugenote hul gevestig het; getrou aan hul kerklike leer en kalvinisme van die Hugenoot, was die verkondiging van 'n ander leer kettery in hul opvatting, en soos iemand opgevoed is, gedra hy hom in sy verdere lewensloop. Verskeie Hollanders het hulle by die Genootskap aangesluit, maar ook hulle was onderwysers en predikers van die Woord soos Hoogenhout, Van der Ryst, Jan Balt en ander. Dus het hulle eendragtelik so menigmaal gebid: »Ons sal die saak nie opneem nie tensy U aangesig met ons meegaan. Gee ons leiding, wysheid en U seën. Open die oë en ore van ons volk opdat hul let en verstaan wat U ons gegee het en vir wat ons nou ons eie kan noem« (naamlik ons taal).

Die geskiedenis vertel ons watter skitterende oorwinnings onder die vlag van godsdiens behaal is. Wie geloof weet watter krag en steun in die gebed sit. En die Alomteenwoordige verhoor die opregte gebed en skenk na Sy heilige raad en wysheid gewisse uitkoms. Dit het hulle vas geglo, daarop vertrou en daarop voortgebou.

Dit was Oom Lokomotief, en ander lede met hom, wat gesê het: »Sondags bly ek nie uit die kerk nie. Daar binne voel ek met my volk *een*. Buite *verskil* ons, buite *stry* ons, maar tussen die kerkmure is daar volkome *harmonie*, ons luister na *een* redenaar, ons sing saam *dieselfde* gesang en ons verenig ons in *gemeenskaplike* gebed waardeur ons *een* van hart en siel voel — iets wat dié, wat tuis bly, nie kan sê nie.«

Die Bybel was hul rigsnoer — letterkundig sowel as sedelik. Letterkundig, omdat die taal daarvan so

eenvoudig Germaans is, sonder onverstaanbaar vreemde woorde, sonder die lang uitgerekte samegestelde woorde wat 'n halwe reël beslaan en sonder 'n opsmuk van geleerdheid. Sedelik, omdat dit leer hoe die mens sy weg suiwer kan bewaar — naamlik: as hy dit hou na U Woord.

Die ag oprigters van »Die Genootskap van Regte Afrikaners« het hul geroepe gevoel om ons volk te oortuig dat ons 'n eie en voortreflike taal besit wat slegs wag om tot skryftaal opgehef te word — net soos die twaalf vissers van Galilea uitverkore was om die Kristendom oor die aardbodem uit te brei. Die opvatting omtrent die getal twaalf het by ds. du Toit so sterk pos gevat, dat hy in sy geskrifte soms verkondig het, dat die Genootskap pleks van ag deur twaalf persone opgerig is. So menigmaal het van die lede gesê:

»Dit is wonderlik watter middele God aanwend om Sy doel te bereik: om die Kristendom voort te plant het Kristus nie die slim skrifgeleerdes gekies nie, maar wel die eenvoudige Galilese vissers om dit te doen.«

Dadelik word aangemerk:

»Dit is omdat die skrifgeleerdes te geheg was aan die *dooie letter* van die wette en dus te blind om die praktiese leer van Kristus aan te neem. Was dit aan daardie rabbies gelaat, dan het van die Kristendom niks te reg gekom nie.«

»En net so gaan dit in ons tyd met Afrikaans,« merk 'n ander op, »ons geleerdes is te boekvas en daarom is hulle verblind om die waarde van Afrikaans te begryp. Sou dit aan hulle oorgelaat geword het om 'n Afrikaanse skryftaal te ontwikkel, dan het

daarvan voorwaar ook niks tereg gekom nie.«

»Wat! Praat jy nog van iets tereg kom? Wat ons sal gekry het, is 'n gebrou van Afrikaans, Hollands, Frans en Duits om die taal te *veredel* — alles versier met 'n Hollandse taalsmaak waaraan die Suid-Afrikaanse veldgeure opvallend sal gemis word."

»En dit is opmerklik: die vissers het die Nuwe Testament nie in die klassieke Grieks geskryf nie,« sê ds. du Toit, »maar het die Grieks van die spreektaal gekies, sodat almal in hul dae die bybeltaal maklik kon verstaan.«

»Ja en daar is nog 'n groot les wat ons van daardie Galilese manne kan leer,« las een van die sprekers aan: »Net soos ons, was hulle arm; die paar penninkies wat hulle aan visvang verdien het, het hulle heel gesinne en die goeie saak mee bekostig, net so moet ons handel om elke stuiwer in ons plat beursies vir die taalsaak veil te hê."

Ewe as die grote Vors van die Kristendom die Fariseërs en skrifgeleerdes nie gespaar het nie, net so het die orgaan van Genootskap die Patriot sy teenstanders en die na-apers van vreemde gode die waarheid rondborstig vertel. Nie alleen was die verengelste Hollandse Afrikaners belaglik voorgestel nie, of die hooghandige behandeling deur die siviele diens gehekel nie, of die ondoeltreffende skoolstelsel aangeval nie, maar ook die predikante van die Hollandse kerk met hul Engelse huistaal en Engelse preke in Hollandse kerke moes dit deeglik vergeld. As afstammelinge van die Franse Hugenote, wat die wynstok in Suid-Afrika verbou het, was die Genootskap teen die afskaffingbeweging, en toe die teologiese professore te Stellenbosch afskaffing verkondig en

Engels in Hollandse kerke nie teëwerk nie, word hulle — »die getogade vaders« — nie gespaar nie. Die ou predikante was bitter teen Afrikaans as skryftaal gekant, so was by hulle geen heil vír die taalstryd te soek nie, en sodra hulle hul teen Afrikaans uitgelaat het, het die *Patriot* (die orgaan van die Genootskap) hul onbarmhartig oor die kole gesleep. Dus op hierdie manier kon die publiek oordeel wie reg en wie verkeerd het. 'n Paar van die ou leraars, wat later tot inkeer gekom het, het verklaar:

»Julle jong Genootskappers het verder gesien as ons oues, wat beter moes geweet het, dat Afrikaans die behoud vir Hollands is en die taal van die volk is en wat beter as enige ander deur hulle verstaan word.«

---

§ 4 — DIE HEFTIGE TEENSTAND EN ONDANKBAARHEID.

Die aanvalle in die koerante teen die oorsetting van die Bybel in Afrikaans was maar geblaf van brakkies in vergelyking met die oorverdowende gebrul teen die Genootskap; of dit was maar gesis van windbuksies vergeleke met die geweldige bars van bomme op die onsigbare vesting van die lede wat daar in geheim vergader om 'n groot diens aan die volk te bewys. Maar die baanbrekers was daarvoor bereid en het hulle daarvoor met gesond verstand gewapen. Vir hul taak was hulle volkome bereken en kon verduur: die vuilste laster, die smadelikste verguising, die magtigste teenstand en die

laagste bespotting. Vir taai werk het hulle nie gevrees nie, selfs die haat en nyd van hul teenstanders het hulle by verrassing nie oorval nie. Wees vrindelik met 'n hond, dan sal hy jou met rus laat, maar trap hom, dan vlie hy jou in. Ewe so was dit met die *Patriot* — hy het die wat hom vertrap het getakel en die kop gewas. Op die gebied van taal, kultuur en politiek het sy teenstanders hom nie gespaar nie, en hy hulle ook nie.

Al het die lede hul name geheim gehou, maar dit was onmoontlik om, waar dit die saak gegeld het, stil te bly. Net soos die intekenare van die *Patriot* het hulle Afrikaans verdedig waaruit stryery gebore is, woordetwis het gevolg, tot uitskel was toevlug geneem met die slotsom dat ou bekendes as kwaai-vrinde uitmekaar gegaan het — net soos vandag nog op politieke gebied plaasvind. Dit alles was oorgenoeg om die voorstanders van Afrikaans en die intekenare van die *Patriot* te brandmerk om hulle dit so onaangenaam te maak as moontlik.

In die algemeen is dit 'n fout om persoonlik te word wanneer driftig geredeneer word. Die *Patriot* word 'n »vuile lor« genoem; sy taal is kombuistaal, Hotnotstaal, Griekwataal of die taal van kantienmeide; die lede heet verknoeiers van beskawing, dwepers, ongeleerdes wat te sleg is om goeie Hollands te skrywe; en dan volg sulke uitdrukkings boonop:

»Piet, ek sê jou dit reguit in jou gesig: my ou skaapwagter, ou Moos, praat werklik beter as wat julle skryf.«

»Nou kan die ongeleerde Griekwas ook in geskrif lees hoe hulle praat.«

»Sies! vir daardie taal! En twa! vir die *Patriot* ....«

Waarop die voorstander van Afrikaans sy hand oplig met die kalmerende woorde:

«Wag Koos, moenie so driftig word nie! Lees jou eie woorde wat jy nou praat en vertel my of die *Patriot* slegter Afrikaans skryf as wat jy gesels. Dè, ek het woord vir woord van jou gesprek opgeteken.«

»Nou man, al praat ek so, dan hoef ek nog nie so te skryf nie! Dit is somar 'n gemors wat ons Afrikaners babbel.«

»Foei, foei, Koos! Jy weet jou moeder het jou die taal op haar skoot leer stamel en nou kom jy haar dooie bene in die graf te na. Het 'n bietjie respek vir jou moedertaal.«

»Moedertaal! *My* moedertaal!.... Dit mag *jou* moedertaal wees! My moeder was nie 'n Hotnotsmeid nie!« roep Koos driftig uit.

Dit was die middeljarige en ouer geslag wat sodanig aan die Hollandse skryfvorm geheg was en dit was *hulle* wat hul kinders gewaarsku het:

»Mannetjie, dametjie, laat ek julle betrap dat julle die *Patriot* stilletjies lees! Verder praat ek niks! Maar ek weet wie later op jul baadjie en rokkie sal praat.«

Of: »Een ding voorspel ek jou, knapie, durf dit asseblief waag om die smerige *Patriot* in *my* huis te bring, dan sal jy gouer die deur uitvlug as wat jy daardeur binne gestap het.«

Of op 'n sagter toon: »My kind, leer Hollands, dan kan jy eendag 'n betrekking op 'n kantoor of besigheid kry; maar as jy Afrikaans leer, dan deug jy net vir bokwagter van 'n Griekwa outa.«

Dit was die soort aanmoediging wat die jongmense van hul ouers ontvang het; maar een geluk vir Afrikaans is: 'n jongmens sien soms die nut van iets

nuuts gouer in as oumense wat aan afgeslete stelsels vasgegroei en vasgeroes is. En dit was die jong bloed en binnelanders — ver van goeie skole — wat Afrikaans die eerste goedgesind geword het.

Maar wat omtrent die geleerdes en wat Hollands hoor kraai het?

Die antwoord hierop sal Oom Lokomotief gee (sien die *Patriot* van 6 Desember 1878).

»Ons sê: 'n regiment van vyande het ons òm ons. Pas dreig die »Argus« met Engeland se lang arm en swaar hand of die »Cape Times« wil ons doodtrap met 'n lompe voet. Skaars het hy ons gelos of die »Graaff Reinet advertiser« verguis ons met die hardste woorde wat hy kan kry en toon ons dat hy ons sou verguis as hy kon. Nouliks begin die «Transvaler« te erken dat ons vir hulle regte pleit of »De Volkstem« maak ons veragtelik, tenminste so ver as hy kan. Sy onmag het pas geblyk en die *Patriot* begin net mooi wortel te skiet in die Vrystaat of die »Express« wil ons met wortel en tak uitroei, as hy kan. En nader kom die vyande en nouer word die sirkel asof hulle ons wou dooddruk. Daar vlie mnr. W— van Richmond op en nes 'n reus Goliath tel hy sy magtige penneswaard teen ons op. Die »Zuid Afrikaan,« die »Volksblad« en »Era« moes sy orakels teen ons uitbasuin (gewillig of nie?) Die »Colesberg Advertiser« voel dieselfde woede, maar hy het niks te sê nie en neem dus een van die drogredes van W. se stuk oor. Die »Era« weer voel dat W— se stuk laf en kragteloos is en neem nog die laster-

taal van die »Express« oor. Maar nee, hulle kom nog nader. Ds. R— en die kerkraad van P— val ons in ons eie blad aan. In een woord: ons sou in die laaste tyd net die hele *Patriot* weekliks kan vul met wat daar direk en indirek teen ons geskrywe word.«

Tot sover Oom Lokomotief.

Verder maak die »Colesberg Advertiser« die *Patriot* uit vir 'n »vuile lor«. Die »Cradockse Afrikaner« beledig die *Patriot* deur te vertel dat die taal vir halwe barbare geskrywe is en voeg ewe kwaadwillig daarby: »Halfgeleerde Griekwas zullen zeker smaak vinden in het blad.«

Dit is die broederliefde wat die *Patriot* van sy tydgenote ontvang het. As dit die opienies was van die drukpers, wat die publiek moet voorlig, wat was die uitwerking op die lesers? — Lastertaal, slegmaak en uitskel!

Maar dit het die Genootskappers in hul stryd nog meer verhard. Dit het hulle getoon dat daar nog baie, baie gedoen moes word voordat daar sprake van oortuiging en oorwinning kan wees. Een van die lede merk ewe prettig op:

»Al daardie getjank maak my nog nie bang nie. My skoonvader se hond het netso vir my geblaf, maar wat met daardie hond se kleinnooi trou, is ek." Hy kyk 'n harde teenstander glimlaggend aan en vervolg: »Nou verag julle Afrikaans, maar let op my woorde: *eendag word Afrikaans die offisiële taal van ons kerk en staat.*«

Die antwoord was: »Dit sal *jy*, en dit sal *ek* nie beleef nie, en sou ek tot dan lewe, dan sterf ek op

die plek van verdriet.« Wel geen een van die twee het dit beleef nie.

Wie, in die begin van die taalbeweging, die afskuwelike persone was wat Afrikaans bo Hollands wou stel, kon die vyande maar eers nie uitvind nie. Hulle kon wel gis en hul dolosse het ds. S. J. du Toit altyd aangewys as die leier van die sluipmoordenaars wat die Hollandse taal in Suid-Afrika wou vermoor. Eers was geskimp, daarna word dit openlik gesê en geen gesaghebbende persoon spreek dit teë nie. Sy naam as leier verskyn daarop in die koerante, en nog word dit nie weerspreek nie. En dit was oorgenoeg om ds. du Toit die swartskaap onder die predikante te maak. Erger as dit het hom gewag: Die grootste deel van sy eie gemeente raak teen hom gekant. Nou moet daar iets gesoek word om hom te beklad sodat hy as leraar moet bedank. Een van die laagste onsedelike dade word hom nagegee; die saak het voor die kerklike Ring gedien, hy word onskuldig verklaar; maar die vyande was daarmee nie tevrede nie en het hom dit baie moeilik gemaak en verdriet aangedoen. Dit was die groot dankie wat hy vir sy uitstekende dienste as leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging ontvang het.

Dit was glad nie met die sin van die Ned. Ger. Kerk dat Afrikaans so vinnig veld win nie; want die *Patriot* het van 'n klein pamfletjie van 16 bladsye — wat maandeliks verskyn het — tot 'n groot weekblad gegroei met 'n wapen waarop die leuse pryk: *Vir Vaderland en Moedertaal!* In 'n bespreking, wat twee dae geduur het, het die Kaapse Sinode besluit om duisende klein boekies te laat druk om die gemeentes oor die hele land te waarsku teen die

Patriot en sy Hotnotstaal. Die boekies was deur al die predikante saam huis-toe geneem om deur die kerkrade onder die gemeentelede te versprei. In plaas van nadeel aan die taalsaak te berokken het die intekenaarlys in 'n betreklik korte tyd verdubbel. So was die banvloek van die kerk in 'n seën verander.

Indiwiduele vernedering en vervolging het nie uitgebly nie: persone met die *Patriot* in die sak was versoek deur die eienaar om die huis te verlaat omdat hy die vuilblad nie in die hande van sy kinders wil laat kom nie;

Kosgangers was gestraf omdat hulle die *Patriot* in die koshuis ingebring het;

Kosgangers, wat lede van die Genootskap geword het, was gedwing om as lede te bedank, of moes die inrigting op die daad verlaat;

Studente, wat geldelike ondersteuning van private persone geniet het, was gedreig om as intekenaar van die *Patriot* te bedank, of die geldelike ondersteuning sal afgesluit word;

Onderwysers, wat die *Patriot* gelees en ondersteun het, moes van toe af met minder salaris tevrede wees, of was afgedank en kon moeilik weer 'n nuwe aanstelling kry;

Intekenare van die *Patriot* kon beswaarlik 'n goewermentsbetrekking kry omdat die blad as 'n rebel geag was;

En so was daar nog meer dergelike gevalle.

Hiervan moet ons aflei: dat die persone, wat vir die taalsaak rondborstig uitgekom het, staatmakers was wat nie vir haat, nyd en vervolging omgegee het nie.

Baie Hollandssprekende Afrikaners van daardie tyd

en wat in goewermentsdiens was, het, om in die mode te wees, voorgegee dat hulle so fyn opgevoed is dat hulle nie eens Afrikaans kan verstaan, nog minder kan praat nie — so een was dan baie geleerd in sy eie oë en Engelsgesindes het dit vir 'n deug beskou.

Sulke toestande het die lede van die Genootskap die erns van hul onderneming nog skerper laat insien; harder word gewerk en vir die skelwoorde van die teenstanders was hulle al amper ongevoelig, dog hulle keer dieselfde wapens op hul vyande om hulle daarmee te beveg. Die verengelste spul moes van die Genootskappers gedurig hoor:

Dat hulle geen selfrespek besit nie, daarom is hul voetlekkers en naäpers, terwyl die Engelse die nalopers tog vir »Dutch« uitskel.

Dat hulle kraaie is wat met pouvere wil pronk.

Dat hulle hul mond so lelik trek as hul Engels praat.

Dat die naäper meer die aap as die mens is.

Dat oorgeblaasde valsgeld geen waarde besit nie, ens.

Die Genootskap was nie juis teen Engels nie, want al die lede was tweetalig, en verskeie het Engels beter as Nederlands geken; maar waaraan hulle 'n renons gehad het, was dat Afrikaners so teen hul eie taal gekant kan wees. Waarom die lede soms met die Engelse so gespot het, was 'n wederkerige uitbetaling van die spot van die Engelse oor die Afrikaner en sy Afrikaanse gewoontes. Lees maar die geskrifte en boeke van daardie tyd en word oortuig. Dit verklaar met eens waarom so baie Hollandssprekende Afrikaners liewers Engelse wou

wees omdat hulle die Engelse spot so pynlik gevoel het. Die Genootskap, met terugspot, wou net bewys dat ons ook brille het waardeur ons die foute van ander kan raak sien en dit aan die spotter reguit in sy gesig te vertel.

Die Genootskap het nooit moed verloor nie, en die lede het beweer: »Prys ons — dit maak ons tog niks beter nie. Verguis ons — dit maak ons niks slegter nie. Ons sal selfs toelaat dat julle modder op ons gooi; maar bewaar jul gebeente as julle die modder by ons durf kom inwrywe.« En hierby het hulle gevoeg: »Al jul windmaak om hemel en aarde mee weg te blaas, en al jul grof geskut wat julle op ons losdraai, is bo oor, want, liewe mense, *julle mik glad te hoog.*«

Die geheimhouding deur die Genootskap geëis, het, soos reeds gesê, meestal daarin bestaan dat 'n lid die name van sy medelede nie mag verklik nie; maar dit het elke lid vry gestaan om te verklaar dat hy lid van die Genootskap is. Op dié manier het die name van al die lede geleidelik bekend geword waardeur elkeen hom met sy eie toedoen tot 'n skyf gestel het. Met die gedagte besiel dat hy onder streng bewaking is, het dit elke lid op sy pasoppens meer noukeurig laat het, hom hard laat werk en dit het die taalsaak goed te stade gekom.

Die goeie naam van die lede het baie van die teenstanders tot nadink gedwing, met die gevolg dat baie by die beweging aangesluit het en ook ywerige werkers geword het.

Die *Afrikaanse Patriot* het sy loopbaan van die begin af so anders begin as ander koerante: Die redaksie moes onder 'n skuilnaam gaan; die geboorte-

plek van die blad moes geheim bly; in plaas van verwelkom te word was die banvloek oor hom uitgespreek; berge van moeilikhede was dwars oor sy weg gegooi om sy loopbaan te versper; sonder kapitaal was die blad gestig; sy oprigters het geen invloed gehad nie en het uit jongmanne bestaan sonder hoë akademiese opleiding; sy aanhangers was gering in getal; sy vyande groot in menigte en baie magtig, en sy intekenare het bestaan uit eenvoudige persone wat maar min skoolgeleenthede in hul jongdae gehad het. Stroom-op, teen al die moeilikhede, het hy 'n ongevoelige en onsimpatieke wêreld ingestap. Maar op sy weg het hy orals vrinde ontmoet totdat hy eindelik in Transvaal aangeland het. Dit het mense tot lees gebring wat nooit van tevore 'n koerant in hande geneem het nie omdat hulle Hoog-Hollands nie kon verstaan nie.

En watter loon het die Genootskap hiervoor van die geleerdes ontvang?

Ondankbaarheid! Tot vandag toe nog word die lede deur sommige aangeval en verguis vir alles wat hulle tot stand gebring het deur die pynlikste wapen van slegmaak te gebruik — iets slegmaak wat so dierbaar was, en is, vir die ou baanbrekers toe hulle douvoordag opgestaan het om ons volk op te hef. Dit is die gevoeligste, nee die pynlikste wond wat iemand toegebring kan word, om te beswadder wat vir dié se hart die dierbaarste is. Selfs in kultuurwerk word die neus ingesteek om *kuns* uit te snuffel — wat oorgenoeg is om 'n ewige walging in die woorde *kuns* en *sielkunde* te kry. Aanmoediging vir die harde baanbrekerwerk was daar in die geheel nie. Die lede was mense, en as sulks het hulle net sulke fynbe-

snaarde gevoelens as alle mense besit. Hulle het dit gevoel, en die paar wat vandag nog leef voel dit nog dat hul werk van liefde so deur die modder gesleep word. Lees wat opgeteken staan in die woorde van die redakteur, Oom Lokomotief: —

»Ons het dag en nag gewerk vir die saak, haas bo ons swakke kragte en vermoë, sonder enige beloning, *alles met die oog op die toèkoms.* En nou dat dit lyk dat ons moeite haas sal beloon word, tenminste deur erkenning en dank, nou word ons eers gehaat en gesmaad van verskillende kante. Ons het 'n blad opgerig teenoor die sterkste vooroordele en bitterste teenstand. Ons begin toe met minder as 50 intekenare, sonder geld, sonder invloed. En binne 3 jaar is ons blad so toegeneem dat hy maar nou drie Hollandse koerante ken in heel Suid-Afrika wat meer intekenare het as hy en geeneen wat so druk en graag gelees word as hy nie. En as sy intekenare so bly toeneem, sal dit nie lank duur nie of hy is die ander verby. (Hierdie voorspelling is bewaarheid geword — Skrywer). Nou, die grote meerderheid van ons intekenare is mense wat nooit vir koerante ingeteken het nie. En ons dag al die tyd dat die man 'n groot weldaad aan sy volk bewys wat hulle tot lees bring. Deur in die taal van die volk 'n blad uit te gee, het ons nie alleen *lees*lus, maar wat nog meer sê, ook *skryf*lus opgewek by ons bevolking. Week op week bly 'n boel briewe oorlê, wagtende op plek. Die mense voel dat hulle nou nie langer soos doofstommes hoef te sit nie. Dit

is iets wat alle teenstanders totnogtoe nie kon, of nie wou sien nie. Hulle hou maar daarop: »Die mense kan goed Hollands *verstaan.*« Nou, ons het honderde getuigskrifte dat dit nie die reël is nie. Maar dan nog, al sou ons dit toegee, dan vra ons nog: Hoeveel van ons bevolking kan hulle *uitdruk* in Hollands of Engels? 'n Taal is tog net so goed 'n voertuig om jou gedagte in uit te druk as om 'n ander se gedagtes te verneem. Dit het al ons teenstanders totnogtoe misken en daar is nie een wat in staat is om ons posiesie op die punt te bestry nie. Die bevolking voel ook dan die *mag*, daarom noem hulle die *Patriot* »ons koerant.« En daarom skryf hulle so fluks daarin en begin hulle gedagtes in geskrif uit te spreek. Ons dag dat dit 'n groot weldaad is om 'n volk, wat verstandelik geboei was in die ergste slawerny, die tong los te maak dat hy sy regte kan verdedig.«

Tot so ver Oom Lokomotief.

Op hierdie manier het die redaksie baie maal gekla oor die afskuwelike ondankbaarheid van die teenstanders, en vandag nog bestaan daar genoeg rede om sommige eensydige beoordelaars — wat beter behoort te weet — daarop te wys dat foutvind nie juis kennis en geleerdheid is nie. Waar is die waardering vir al die heftige stryd en swaarkry en waar bly die beloning vir die onbaatsugtige opofferings aan geld en kragte? Al skemer deur bo aangehaalde 'n toon van weemoed, merk ons nog daarin die vasberadenheid van die ou geharde werkers. Tot aan hul dood was dit vir hulle 'n saak van *liefde* en

toewyding. In die stryd is hulle weggeroep en het afskeid geneem van hul toeteling en die liefling ook van die nageslag — naamlik die Afrikaanse taal.

---

§ 5 — DIE GESKIL TUSSEN Ds. DU TOIT EN PANNEVIS.

Dit is nie die plan om 'n uitvoerige beskrywing van al die lede van die Genootskap hier te boekstaaf nie — dit is reeds in *Eerste Skrywers* ten dele gegee — maar daar het 'n verskil van mening tussen ds. du Toit en Pannevis bestaan omtrent die begin van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en dit is van belang om iets van hul karakters af te weet waardeur 'n helderder lig op die geskilpunt sal val.

Ds. Stefanus Jacobus du Toit was 'n man van sterk wilskrag, en was dit nie vir daardie wilskrag van hom nie, bly dit nog 'n vraag of die Genootskap ooit 'n bestaan sou ontvang het. Maar sonder sy broer Daniël François du Toit (Oom Lokomotief) en Casparus Petrus Hoogenhout sou hy niks uitgerig het nie, want hulle, as besadigde manne en staatmakers, was sy beste adviseurs en het sy voortvarende planne beteuel deur grondige bespreking. Die bewys hiervoor kom duidelik uit, toe Oom Lokomotief en Hoogenhout die Patriotkantoor op laas verlaat het, dat van toe af was ds. du Toit se pogings om 'n ander Afrikaanse blad op te rig een mislukking na die ander. Die werkkragte van ds. du Toit het sy vrinde met verbasing vervul. Hy was 'n vlugge skrywer; sonder om na te lees het sy geskrifte na

die drukpers gegaan. As teenstander in 'n disputasie het hy sy weerga gesoek — in kort, hy was 'n gebore advokaat en met 'n deeglike opleiding as sulks sou hy 'n skitterende ster in geregshowe gewees het. Hy was soms styfhoofdig en het hy eenmaal 'n opienie oor iets gevorm, laat hy hom nie gou oortuig nie. »As ek meen dat ek reg het, laat ek my nie oortuig nie« het hy dikwels gesê. En dit was hierdie opvatting van »reg« wat so'n bekwame man, as hy was, dwase spronge laat neem het en baie uitstekende ondernemings laat misluk het. Wat hy *alleen* aangepak het, het op die ou end tot niet gegaan. Maar wat ds. du Toit se tekortkominge ook mag gewees het, een ding staan vas: *Daar sal geen Eerste Afrikaanse Taalbeweging sonder hom gewees het nie* — al het hy dit later self verongeluk. Nou kom 'n ander vraag: as die Eerste Taalbeweging nie daar was nie, sou daar ooit 'n Twede gekom het? Want die Vereenvoudigde Hollands het uit die staanspoor ontsaglike vordering gemaak en spoedig die steun van Kerk en Staat geniet. Het die Vereenvoudiging eers pos gevat, en daar was nie vooraf liefde vir Afrikaans opgewek nie, dan kan dit hard betwyfel word of Afrikaans na 1906 ooit weer 'n kans sou gestaan het. Wat ook al die uitkomste hiervan mag gewees het: ds. du Toit, as aanvoerder van die Genootskap van Regte Afrikaners, het die pad vir die Twede Taalbeweging oopgekap. En hierom is sy naam diep uitgebeitel in die harde rots van ons taalgeskiedenis wat hom meer werd is as 'n standbeeld van brons of kostelike marmer.

Maar elke groot man kyk met welgevalle neer op wat hy tot stand gebring het; sodra 'n ander die

aanspraak van eersgenoemde op wat tot stand gebring is betwis, dan volg daarop 'n stryery. Ds. du Toit het beweer dat hy die held van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging is; Pannevis het dit betwis en beweer dat hy (Pannevis) dit is. Hierdie onderwerp is reeds uiteengesit op bls. 41 *Eerste Skrywers* (2de druk) sodat dit onnodig is om hier te herhaal wat daar meegedeel is.

Arnoldus Pannevis het heeltemal 'n ander saak aangeroer: hy wou — soos reeds vermeld — die Bybel in Afrikaans oorgesit hê net soos in die geval met bybelvertalings in inboorlingtale waarvan daar geen skryfvorm of letterkunde bestaan nie. Sy swak senuweegestel en sy ongeduld om 'n Afrikaanse Bybel in druk te sien, het daar onder gely toe die Genootskap aan sy versoek nie gehoor wou gee nie. En dit was vernaamlik ds. du Toit wat Pannevis die onmoontlikheid onder die oë gebring het. Dit het Pannevis diep gegrief, sodat hy en ds. du Toit soms ernstig oor die saak geredeneer het. En dan kom nog hierby dat Pannevis beweer het dat hy die vader van die Afrikaanse Taalbeweging is. Nà hy bemerk het dat al die ander lede die mening van die dominee toegedaan was, het hy toevlug na die drukpers geneem en daarin verklaar dat *hy* die bewerksteller van die Taalbeweging is — waaroor baie van die nageslag nog onnodig sal redetwis; want die korrespondensie in die koerante oor die oorsetting van die Bybel in Afrikaans het spoedig doodgeloop, dus geëindig, in plaas daarvan word ander korrespondensie daarop oor verskillende onderwerpe gevoer. Maar dit was die brief van Pannevis aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap wat *indirek* die aanleiding tot die

stigting van die Genootskap gee het. En wonderlik, Pannevis is oorlede op 14 Augustus. die verjaardag van die Genootskap.

Om Arnoldus Pannevis beter te kan begryp gee ons enige staaltjies uit sy lewe: —

Op bls. 79 *Eerste Skrywers* is meegedeel hoe Pannevis en ds. Wilhelm van der Lingen saam een nag 'n gedaante in hul slaapkamer drie maal sien instap het, hoe dit vóór Pannevis se bed bly staan het, hoe Pannevis die verskynsel as die van sy broer erken het, hoe hulle aantekening van datum en uur gemaak het en hoe met die eerste posboot 'n brief uit Java gekom het om mee te deel dat sy broer presies op die aangetekende uur en datum gesterf het, en hoe hy sy broer Arnoldus nog so graag voor sy dood wou ontmoet het. Hierdie gedaanteverskyning het 'n baie nadelige gevolg op die swak senuweegestel van Arnoldus nagelaat. En dit het duidelik geblyk dat hy nooit van die skok ontslae geraak het nie.

Dikwels het dit daarna gebeur wanneer hy met 'n vrind wandel dat hy bot stil bly staan en verklaar: »Nou kan ek geen tree verder stap nie.« Dit kos dan moeite om hom weer aan die loop te kry — mooipraat en simpatie was die enigste wat gehelp het.

Op 'n sekere dag was hy in die Pêrelse Gimnasium besig met een van die klasse in middelbare onderwys, terwyl hy half deur die werk was, gee hy aan die klas verlof om maar na huis te gaan omdat hy onwel voel. Soos jongetjies is, wou hulle weet wat hy makeer. »Ek het 'n blink ster bo aan die solder sien skitter,« was sy antwoord.

Wanneer hy opdraand loop, dan draai hy hom om

en stap agteruit die helling op, seggende dat hy so gemakliker kan loop. Natuurlik gaan dit soms met val oor klippe of trap in gate gepaard.

En tog het hy 'n plan opgevat om van Kaapstad na Kaïro te voet te stap. Hy gee sy plan aan Oom Lokomotief te kenne en nooi die om met hom die reis te voet af te lê. Om hom nie aanstoot te gee nie willig Oom Lokomotief vir die pret in en moes soms 'n lag onderdruk om na die onpraktiese planne van Pannevis te luister. Op alles sê Oom Lokomotief maar: »Ja, ja«. Op 'n sekere dag nooi Oom Lokomotief sy vrind uit om die agtermiddag by mnr. Perold (vader van dr. J. A. Perold), wat maar enige honderde treë van waar hulle sit en gesels, woon. En tot vermaak ontvang Oom Lokomotief van die trans-Afrika-wandelaar die antwoord: »Wat? Wil je hebben dat ik daarheen moet vliege? Je weet ik ben 'n slegte loper.« So is daar nog meer sulke sonderlinge staaltjies van die groot Ontdekker van die waarde van Afrikaans. Sonder die naam van Arnoldus Pannevis is die geskiedenis van die Afrikaanse taal onvolledig.

---

§ 6 — »ONS SKRIJF SOOS ONS PRAAT«.

Die stelling »Ons skryf soos ons praat« het baie penne in beweging gebring sonder egter die ware bedoeling daarvan te begryp. Tot 1875 het ons Hollands *geskryf*, maar Afrikaans *gepraat*. Hieraan wou die Genootskap 'n einde maak. Die aanvallers op die stelling het deurgaans getoon, dat hulle meer taalgeleerd as prakties was. Wat is die nut om 'n

taal te praat en 'n ander te skryf? Die Genootskap het die onsin hiervan ingesien om in een taal te dink en in 'n ander te skryf en ook besef dat dit nooit met 'n eie kultuur sal rym nie. Om die gedagte neer te skryf in woorde, waarin die skrywer nie gedink het nie, kom neer op 'n *vertaling* van die gedagte in 'n ander taal — wat niks anders beteken nie as 'n remskoen aan die pen van iemand wat 'n kort tyd op skool deurgebring het. Dit was die wyer bedoeling van die Genootskap om 'n end hieraan te maak.

In die enger sin alleen beskou, sou dit dwaas wees om elkeen maar toe te laat om te spel en te skryf soos hy praat. Al bestaan daar in Afrikaans geen dialekte nie, daarin kom tog voor plaaslike afwykings. Toe het die vraag by die Genootskap ontstaan: »Watter wisselvorm van een en dieselfde woord is die verkieslikste?« Die taalgeleerdes antwoord: »Die beskaafde«. En dan begin hulle onder mekaar te twis wat *beskaaf* is. Om 'n voorbeeld te noem: *Speul* en *veul* is ou Hollandse woorde net soos *perd* en *blom*. Maar *perd* en *blom* (soos alle Afrikaners dit uitspreek) mag ons as beskaafde woorde skryf; dog *speul* en *veul* (ook soos alle Afrikaners dit uitspreek) mag ons nie skryf nie — glo omdat dit *onbeskaaf* beskou word. En so is daar 'n menigte gevalle wat 'n wyse gek sou maak. Deur die skrywer toe te laat om die woorde te skryf soos hy die gebruik, kon die redaksie op hoogte gestel word watter skryfvorm die volk verkies. Met ander woorde: die redaksie het die volk laat kies watter skryfvorm hulle verlang, want dis die bevolking wat die spit moet afbyt met 'n moeilike skryfvorm wat vir die gros ver te geleerd is. Waarheen die latere ontwikkeling van die skryftaal sou

heen loop, was aan die toekoms toevertrou, terwyl die Genootskap uit die staanspoor met die minder bevoorregtes te doen gekry het. En dit wil die eensydige beoordelaar in ons tyd maar nie insien nie. In 'n proefskrif het iemand beweer: as die Genootskap hoër gemik het, sou die geleerdes toegetree het, 'n ander proefskrif het dit amper in dieselfde bewoording oorgeneem, en vandag word die leer aan die opkomende geslag as ja-ja verkondig. Toe een van die lede van die Genootskap dit lees, roep hy ewe ernstig uit:

»Wat toegetree het! Dit was immers die geleerdes hul plig om meegewerk te hê, die voortou gevat te hê en ons nie so laat sukkel het nie! Hulle het in plaas van ons leiding te gee met hande oormekaar bly sit en ons gedwarsboom waar hulle maar kon. Waarom het hulle ons nie kom help nie, toe ons, omring van so baie vyande, geswoeg en alles moes opoffer? Ons het die pad vir hulle aangewys, maar hulle het stil bly sit. Dit was mos nie 'n saak van die Genootskap *alleen* nie, maar net sowel van hulle en van die hele volk. En nou kom hul fout vind!«

Hierop antwoord 'n ander: »Shakespeare het gesê: *what is, is right.* Dus sake moes so geloop het. Weet jy wat die geleerdes sou gedoen het? — In plaas van die demokratiese weg in te slaan om die volk te laat kies het, sou hulle outokraties opgetree het deur uit die staanspoor vaste reëls neer te lê en daarby gevoeg het: *só* en *só* moet julle skryf!«

Dadelik merk die eerste spreker op: »Nou is die pad vir hulle reggemaak; waar ons met ons ossewa stamp-stamp moes ry, gly hulle met hul motorkarre langs. Dis tans so dood gemaklik om te sê: hierso

moes hulle hierdie knikkie gegruis het, en daarso moes hulle daardie rots heeltemal weggespring het; hier makeer 'n brug en daar 'n tonnel, ens. Dit was mos net so goed hulle werk, en die geleerdes indertyd het nie 'n vinger verroer om ons leiding te gee nie.«

Met kalm en onpartydige nadink sal elke verstandige man moet verklaar dat die Genootskap die regte weg ingeslaan het. Dit is immers die volk wat hul spreektaal self gemaak het sonder geleerdheid daarby, en dit was 'n eer aan die Genootskap om aan die bevolking oor te laat om te kies die skryftaal wat hulle die beste verkies. Is dit bereik, dan eers tree die taalkenner op om te verbeter waar dit gebrekkig is, en aan te vul waar dit te kort skiet. En as die kunstenaar dit verkies om die pluim van sy skryfskag daaroor te stryk, dan is die genot hom ook nie misgun nie, maar dit val nie onder pionierswerk nie.

Afgesien van hoë letterkundige waarde en taalpronkery kan die periode »Ons skryf soos ons praat« ongetwyfeld die interessantste tydperk in die Eerste Afrikaanse Taalbeweging genoem word. Wie daardie tyd nie saam deurgemaak het, kan haas geen denkbeeld daarvan vorm nie, van die vrolikheid en lewenslus, wat dit by die bevolking opgewek het — 'n volk wat al die tyd met hul eie gedagtes opgeskeep gesit het. Dit was net soos wat plaasvind in 'n groot houtbos: Dit is kniediep-voordag, stik donker en geen stem word gehoor nie. Eindelik stoot skemerdag sy dowwe lig aan die oostekant uit. Die voëls ontwaak uit hul nagtelike sluimer, die een tjilp, die ander fluit, nog meer skreeu met helder, met onwelluidende en met skor stemme totdat die hele woud weergalm

van sang en lieflike akkoorde. Elkeen voel opgeruimd en bezield met die drang om dit met hartelus uit te voer. Net so was dit met die volk, wat so 'n kort tydjie op skoolbanke deurgebring het, wat in 'n nag van duisternis gedroom het en nou gaan daar 'n lig op wat nuwe beloftes met hom meebring. Want die *Patriot* roep hul toe: »Skryf soos julle praat! Wat daaraan gebrekkig is, sal ons regmaak.« Die stem was nie in dowe ore geval nie, geskrifte het uit alle oorde van die land toegestroom. Ongeduldig het hulle die pos gesit en afwag wat die *Patriot* sou bring waarin hul stuk in druk te lees staan. Ander sien hoe flink hul medelandgenote skryf en wou nie laat sleg lê nie en gryp ook na die pen.

Dit was 'n uitstekende plan om die mense aan lees te kry, want as iemand 'n stuk aan 'n blad geskryf het, wil hy nie alleen die stuk in druk oorlees nie, maar ook lees wat ander skryf, sodat hy die volgende keer beter bydraes kan lewer.

Gelyktydig roep die *Patriot* sy lesers toe: »Rym, kérels, rym! Wat verkeerd is, sal ons regmaak.« En die stem het 'n towerkrag besit! Wie kon, en wie nie kon nie, rym dat dit 'n naarheid was. Weer 'n oorwinning! — nie juis op letterkundige gebied nie, maar om skryf- en leeslus op te wek. En om die lesers aan te moedig, sê die redaksie: »Ons het nie geweet dat ons sulke goeie digters in ons land het nie.« Sommige van die teenswoordige beoordelaars spot met hierdie gesegde en neem dit in erns op asof die ou baanbrekers tussen goeie en slegte poësie nie kon onderskei nie. Die doel was slegs om lees- en skryflus by die minder-bevoorregtes op te wek.

Aan die oorstuur van sulke geskrifte aan die *Patriot*

was in daardie dae nogal baie ongerief verbonde: skryfpapier in die binnelande was duur en nie altyd te kry nie. Die posgeld op 'n brief van 'n halwe ons was vier pennies en soms was die naaste poskantoor ver van die boerplaas. En dit in die dae toe geld so bitter skaars was.

Is dit denkbaar dat 'n ander plan as »Ons skryf soos ons praat« die nie-lesers gouer, of net so gou, sou gevang het? Kyk maar hoe sukkel ons nou in ons verligte tyd om die nie-lesers, wat die skool verlaat het, aan die lees te kry. Ons kom in § 8 weer op hierdie belangrike punt terug.

Uit al die bydraes van heinde en verre kon die redaksie vasstel wie van die skrywers die beste taal gebruik, kon daarvan oorneem wat hy mooi vind en weglaat wat minderwaardig is. Op hierdie manier het »Skryf soos julle praat« baie bygedra om Afrikaans te maak wat dit vandag is. Selfs vir die skrywers was dit van groot nut dat elkeen in die begin geskryf het soos hy praat; want almal was onbedrewe leerlinge in 'n pas geopende skool. Die een skrywer het op die ander verbeter net soos die Twede Beweging vandag nog doen om Afrikaans verder te ondersoek en te ontwikkel dan waar die Eerste dit gelaat het. Die veiligste pad staan nou nog oop: om te luister hoe die volk oor die hele land dag na dag spreek. Word dit nie gedoen nie, dan sal die spreektaal en skryfvorm eerlank verder en verder van mekaar wegdraai.

Die stelling »Ons skryf soos ons praat« was met skitterende sukses in Suid-Afrika moontlik gemaak omdat ons in Afrikaans geen dialekte het nie; in Holland, in Engeland en ander ou lande is soiets

onuitvoerbaar, omdat hulle daar in één land so baie dialekte of gewestelike sprake het.

Die redakteur van die *Patriot,* Oom Lokomotief, het 'n besonder goeie slag besit om met sy minderbevoorregte lesers om te gaan; hy het geweet met watter element van ons volk hy te doen het, daarom het hy hulle steeds tot skrywe en rym aangemoedig. Dit is wonderlik watter vat die soort rympies, met hul fyn humor, skerts en spot, wat daarin sit, op die gevoel van die mense gehad het. Want om kuns te kan waardeer, moet iemand daarvoor opgelei wees. Maar om iets grappigs raak te sien is 'n ingebore eienskap waarmee die Afrikaner nogal ryklik bedeeld is. President Reitz se gedigte word vandag nog op die platteland meer gewaardeer as die mees geprese poësie van die moderne Afrikaanse digters. Wanneer ons die ware toestande nie oor die hoof wil sien nie, laat soiets hom gemaklik verklaar. In Kaapland was vóór 1873 geen standaarde in skole bekend nie. Van genoemde jaar af was standaarde I tot IV stelselmatig ingevoer — wat meestal in dorpskole bestaan het. Die buiteskole het gewoonlik hul eie gang gegaan en selde het 'n leerling in buiteskole standaard IV bereik. Waar is nou die kans om kuns te bestudeer? Of om dit aan die aandag van die kinders te bring? Dit wil sê, as die meester iets van letterkundige kuns verstaan het. Wat die lesers meer nodig gehad het, was kultuur-historiese geskrifte — en dit was aan hulle ryklik besorg. Hierdie punt vereis breedvoeriger toeligting, so kom ons in § 9 hierop weer terug. Die ondervinding leer ons, kinders in st. III skryf maar nog baie gebrekkig en dus is dit baie onbillik om kuns van daardie mense te verwag; en,

om hul nie doofstom tuis te laat sit nie, is om die rede aan hulle verlof gegee »skryf soos julle praat«. In sy gesels is die Afrikaner 'n grapmaker, 'n humoris en nie juis 'n woordkunstenaar nie. Soek asseblief aan 'n roosboom tog geen angeliere nie.

Met hierdie kennis van bevolking, en die toestande waaronder hulle leef, het die Genootskap aan die lesers geestesvoedsel verskaf wat hulle gemaklik kon verteer en het van hulle terug ontvang die vrug daarvan wat terselfdertyd tot aansporing vir hul medeburgers gedien het.

Nog 'n ander voordeel, wat die redaksie ontleen het aan »ons schryf soos ons praat« is die groot skat van uitdrukkings en woorde wat vir die Afrikaanse Woordeboek nodig is; want dit was immers in hul plan begrepe om later 'n woordeboek uit te gee — iets wat eindelik verwesenlik is.

So kan nog 'n verder voordeel opgenoem word: dat die skryfvorm uit staande voet populêr onder die lesers geword het — so anders as met die gebonde Hollandse styl waarmee hulle altyd gesukkel het en nie kon reg kry nie.

Vir die wetenskaplike studie van die volkskarakter is dit 'n uitstekende plan; want hier luister ons nie na die taal van vertoon van geleerdheid nie, maar na die roersels van die hart en siel. Hier praat die natuurlike mens en nie die gepoleerde kunstenaar nie. Ons let op sy helder kyk op die natuur waarvan hy 'n kind is. Hy sien ongerymdhede en stel dit belaglik voor. Hy toon ons die spieël van sy siel waarin sy deugde uitblink en sy swakhede teruggekaats word. Ons kry dus te doen met ware mense en druk die hand van die vader, die moeder, die

jongeling, die dogter van die land. Ons herken die voortrekker, die jagter, die gewapende burger op kommando, die boer op sy plaas en die ambagsman by sy werk. Ons luister na hul vermaaklike spot, ons hoor hoe hulle ou tradiesies verdedig en iemand uitdaag om te bewys dat 'n nuwe instelling beter is as 'n ou beproefde.

En dit alles is geskryf in die woorde soos hulle praat.

Die verlof om te skryf soos gepraat word, was maar 'n tydelike hulpmiddel en kan nooit tot doel gehad het dat dit vir altyd so sal voortduur nie. Die vergunning was geleidelik ingekort en so het die skryftaal vaster en meer eenvormig geword.

Vir my is daar geen apologie nodig nie. Maar al von Wielligh (as die laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners) se lesers sal eenparig verklaar, dat hy die beginsels deur die Genootskap neergelê, trou deurgaans in al sy geskrifte bly handhaaf het — naamlik om die spreektaal te respekteer en om die idioom suiwer vir die nageslag te bewaar. Iets wat deur 'n dankbare nageslag gewislik gewaardeer sal word. Hierin moet die verdienste van al sy voortbringsels beoordeel word. Soms het hy in sy pogings geslaag en baie maal nie — dit weet hy self net so goed as sy beoordelaars. Tans staan hy alleen, en is hy eerdaags stof tot stof, dan sterf die ou bedéling met hom; maar hulle werke, en die fondament wat hulle gelê het, sal alle storms en aanvalle trotseer soos die Pêrelse rots, in die skaduwee waarvan hulle vergader en gewerk het.

§ 7 — SPELLING EN SKRYFVORM.

Die Spelling word vir die lesende publiek gemaak en nie juis vir taalgeleerdes nie. Die saak is heel gemaklik wanneer daar nie 'n ouer skryfwyse bestaan nie waar die lesers eenmaal gewoond aan geraak het. Die laaste was juis die geval in Suid-Afrika waar 'n Nederlandse spelling op skole geleer word. En aangesien Afrikaans en Nederlands voortgespruit het uit die Hollandse taal van die 17de eeu, moes die ou spelling enigsins geëerbiedig word.

Daarom was dit 'n natuurlike vraag »hoe moet ons spel?« wat hom by die ou Genootskap opgedring het.

Die oumense was gewoon om hul ou Statebybel, met die dik swart letters, te lees; dit was immers in die ou dae hul vernaamste leesboek op skool. Baie teen hul sin word die spelling verander in die teenswoordige skryfwyse. Liewers het hulle behou: *Ick* en *Ghy* (in plaas van *Ik* en *Gy); van Jesi Christi,* of *in Jesum Christum, Ghy èn zult niet steelen,* of *dingh,* of *Eynde der Aerde,* ens. as die moderne Nederlandse spelling. Hier is natuurlik sprake van die verafgeleë binnelande alwaar die ou Statebybel die botoon gevoer het. Die jonger geslag egter het die ou swart druk nie so maklik as die Latynse letter gevind nie, want die laaste skryfwyse is wat op die skole in 1875 gevolg was. Dus het die Genootskap met al die partye te doen gehad en het die slag besit om almal te bevredig deur vereers nie te ver van die moderne Nederlandse skryfvorm af te wyk nie — waar 'n letter in Afrikaans in die uitspraak weggelaat word, is die plek in geskrif met 'n afkappingsteken

aangedui, soos in *vo'el*, *we'er* ens. Selfs het hulle nog die onbepaalde lidwoord *een* en nie *'n* nie, geskryf.

Daar was vier hoofpunte wat hul aandag geverg het: —

1. Die geleerde Suid-Afrika,
2. Minder-bevoorregte Suid-Afrika,
3. Die Bybel en Gewyde boeke,
4. Woorde wat verskil van Nederlands.

Wat punt één betref was daar nie veel oor te redeneer nie. Die geleerdes is altyd in staat om enige spelling te volg. Weens hul heftige teenstand teen Afrikaans was dit onnodig om vereers met hulle rekening te hou. Nooit sou hulle hul laat oortuig nie; en deur hulle van die baan te skuif word die werksaamhede van die Genootskap daardeur vergemaklik. Hulle was soos die wet- en skrifgeleerdes van ouds wat laste op die skouers van ander gelê het en nie 'n vinger bygesit het om dit ligter te maak nie.

Aangaande punt 2 was dit aan die Genootskap duidelik, dat hul arbeidsveld die minder-bevoorregtes was. Die mense het geestelik honger en dors gelei, op skool het hulle die geleentheid nie gehad om Nederlands en Engels grondig te leer nie; om die rede kon hulle hul daarin nie behoorlik uitdruk nie. Die enigste taal wat hulle kon praat was Afrikaans en dit lê voor die hand, dat hulle die eerste sou toetree om mee te help om hul moedertaal te kan skryf. Dit was alles so duidelik as ons beeld in 'n spieël en daarom het die Genootskap al hul kragte en vermoë in die rigting aangewend. Ofskoon die volk nie so geheg was aan Nederlands nie, het hulle gemeen dat die manier van spel volmaak was, en daarom sou dit van die Genootskap onverstandig

gewees het om meteens 'n doeltreffende Afrikaanse spelling in te voer. Die oorgang moet ongemerk plaasvind. En dit is om hierdie rede dat die Genootskap nie meteens vaste reëls wou vasstel nie, hulle het wel elementêre spelreëls aan die hand gegee om in geskrif te volg — naamlik vir dié wat dit kon vat. Was die aanleer van die paar nuwe spelreëls te lastig, dan kon hulle maar skryf soos hulle praat en die redaksie het verbeter. Dit verklaar meteens die feit waarom die Genootskap uit staande voet — nes die Afrikaanse Taalvereniging (A. T. V.) en die S. A. Akademie — nie vaste spelreëls opgestel het nie.

In verband met punt 3 betreffende die spelling van die ou Statebybel het die Genootskap rede genoeg gehad om dit nie te bestendig nie, omdat dit reeds deur skoolonderwys geleidelik verdring geword het. Dit is wat die spelling betref. Maar die bybeltaal (met beoefening van huisgodsdiens en aanluister van openbare preke, selfs as taal van skoolboek) het 'n groot invloed uitgeoefen op die veraf wonende binnelanders om verhewe gedagtes in uit te druk. Dit was aan die eerste skrywers nie onbekend nie. En om die aandag van daardie mense te dien, het die skrywers uit die ou Beweging gebruik gemaak van retorika wat tans uit die mode beskou word en soms beskryf word as »verouderd« of »mooidoenerigheid.« Maar 'n voël moet ons vang met die soort gefluit wat hom die beste behaag. Dit verklaar meteens die tiepiese hoogdrawendheid wat openbare sprekers en skrywers van die ouer geslag gemeen het. Meer as die moderne kuns en sielkundige ontplooiings het die »verouderde retorika« en »mooidoenerigheid« by die minder opgeleides ingang ge-

vind. Luister maar na die gebede van daardie mense en slaan ag op hul aansprake op feeste, op bruilofte en byeenkomstes op verjaarsdae en nuwejaar. Die ou garde — ofskoon toe nog maar jonk — het goed die kuns verstaan om lesers te lok, en om lesers aan die lees te hou.

Die 4de punt, waaraan die Genootskap hul aandag gewy het, was die spelling van woorde wat van Nederlands verskil. In hierdie geval was daar geen ander weg oop nie as om die Afrikaanse uitspraak te volg; maar ter selfdertyd moes dit vereers van Nederlands nie te ver afwyk nie. So het hulle geskryf: *o'emblik, o'ereenkoms, bobbejaan, vark, koei, opgeefsel, erdvlooi, rolvarkie* of *krimvarkie* (vir Holl. egel), *fiskaal* of *laksman* (vir Holl. grauw ekster), en so meer. Die intervokaliese *g* het hulle by voorkeur behou in sulke woorde as: *egge, oge, brugge*, ens.

Dit is onnodig om weer terug te kom op hoe die Genootskap die *ij* in *y* verander het, hoe hulle die *ch* weggelaat het in sulke woorde as: *mensch,* of dit deur *g* vervang het in sulke woorde as: *jag, nag, wagter, dogter,* die *z* in *s* soos in *son* die *c* in *s* soos in *syfer,* x in *ks* soos *ekstra, au* in *ou* soos *blou,* ens. ens.

Ons sal liewers die woorde wat van Nederlands verskil in die volgende klasse onderskei:

a). Vervormde Hollandse woorde soos: *koei* (koe), *nag* (nacht) *hoender* (hoen), *sensgat* (zundgat), *mossie* (musch), ens.

b). Verkorte Hollandse woorde soos: *glo* (geloven), *soos* (zooals), *nes* (net zooals), *re'en* (regen), *ploe* (ploegen), *volstruis* (struisvogel), *vark* (varken), *jong* (jongen), en nog meer.

c). Egte Afrikaanse woorde soos: *houtkapper*

(specht), *springbok*, *brandsolder*, *driedoring*, *sonbesie* en ander.

Intussen het die redaksie van die *Patriot* hul aandag gedurig daaraan gewy om die lesers geleidelik op te lei om aan 'n vaste spelling gewoond te raak — iets wat 'n taalgeleerde ook moeite en tyd sou gekos het. Vandag nog vind ons mense wat verklaar: »Ek is te oud om die Akademiese spelreëls aan te leer.« Hoe veel minder kon mense, wat so min kanse op skool geniet het, dit reggekry het om in die daeraad van die Afrikaanse skryftaal dit te oorwin. Dit is ook een van die redes waarom Afrikaans in die eerste helfte van die Eerste Taalbeweging nog so onvas was. En selfs in ons tyd heers daar nog verskil onder taalgeleerdes omtrent sekere vorme en woorde wat in die Akademiese Woordelys as wisselvorme voorkom.

Die Genootskap het egter die veilige middelweg gekies wat eindelik daar vóór in die regte pad moet uitloop. Die bestaande bande tussen Nederlands en Afrikaans het die Genootskap nie wou afbreek nie. Maar het daarvan behou wat vir Afrikaans noodsaaklik was — altyd met die oog gerig op die doel: Ons wil suiwer Afrikaans en nie 'n gebrou van Kaaps-Hollands, of Hollands-Afrikaans hê nie.

Meer leestekens as nodig was, wou die redaksie van die *Patriot* nie aanmoedig nie. Hulle het beweer, dit sal te veel na Frans lyk. Maar die grootste beswaar was, dat dit telegramme, waarin leestekens moeilik is om oor te sein, onverstaanbaar maak soos b.v. »Stuur my twee ee«, of »Stuur my twee karosse«, of »Die leer is nie goed nie«. Met die leestekens lees dit: »Stuur my twee êe«, of »Stuur my twee

kar-osse« (ook twee ka-rosse), of »Die lêer is nie goed nie«. Daarom het hulle by voorbaat verkies om te skrywe *egge, karos, karros, legger* en dies meer. Die lettersetters is soms baie moedswillig of sorgeloos om nie die regte letters met hul leestekens bo op te gebruik nie, en proeflesers sien dit nie altyd raak nie — iets wat baie sinne onverstaanbaar maak.

---

§ 8 — WATTER LEKTUUR HET LEESLUS OPGEWEK?

Wanneer 'n swak leser 'n koerant in hande neem, dan soek hy altyd die berigte oor geboorte, trou en sterfte die eerste op. Nooit sal sy oog 'n kort mededeling oorslaan nie. Daarom is kort artiekeltjies so doeltreffend om lesers te lok. Vertel iemand iets waarin hy belang stel, of wat sy nuuskierigheid prikkel, of waaruit hy iets sonder inspanning kan leer, dan sit hy met oop mond en luister. Oor iets belangriks roep hy uit:

»Dit is net wat ek wil geweet het!«

Daar is tog verhale en vertellings van gebeurtenisse wat meer ruimte eis as kort stories. In so 'n geval moet die skrywer die kuns verstaan om die verhaal te onderbreek op 'n geskikte plek, sodat daarop in die voortsetting in die volgende nommer van die blad die interessantste deel sal volg. Dit het dieselfde effek wanneer die gordyn in 'n toneelspel val. Charles Dickens het die kuns meesterlik verstaan om die leser nuuskierig te maak vir wat in die volgende

hoofstuk gaan plaasvind. Dit is wat 'n vervolgverhaal so aantreklik in 'n tydskrif maak; die leser verklaar dan: »As jy eenmaal begin lees, kan jy nie weer ophou nie.«

Lang verhale weer aan die anderkant skrik die swak leser af, eweso stukke vol geleerdheid geprop wat ver bo die begrip van die menigte val, of vertellings waarin die gros geen belang skep nie. Die skrywer sê: *„Hulle behoort dit te weet."* Of hulle dit nou behoort te weet of nie, maak die saak niks beter nie. Want dis die leser wat sy leesstof kies en die skrywer die reg ontsê om te dikteer. Dit is nouliks nodig om aan te stip, dat leesstof opgesmuk met allerhande geleerdhede en hoogdrawende kuns skaars die aandag van die ongeoefende leser trek om meer daarvan te weet.

Die eerste korrespondente van die *Patriot*, almal seuns en dogters van die veld, het met hul bydraes gou-gou getoon watter lektuur hulle beval het, naamlik die van kultuur-historiese aard. Die lesers het dan ook nie in gebreke gebly om te veroordeel wat nie in hul smaak geval het nie en goedgekeur wat vir hulle mooi was.

Deur die *Patriot* en *Ons Klyntji* na te blaai om die inhoud daarvan te bestudeer word die volgende ons duidelik:

Dit bevat lektuur van baie grapperige aard. Die Afrikaner beskou iets graag van die luimige sy, hy kan met iemand fyn die spot dryf en onder swaarkry kan hy nog lag. So staan hierdie tydperk ook bekend as die Spotperiode.

Maar in die stryd vir bestaan het die Afrikaner dit opdraand gehad en graag vertel hy ook van sy

lyding en worsteling. Sy geskiedenis voer hom oor onbetreë velde, met vyande voor en agter. Elke bladsy daarvan tintel van Smart, Moedhou en Voorwaarts!

Daarin word vermeld van gevegte, jagte, opspoor van drosters en verset teen barbaar en wilde gediertes.

Daarin lees ons liefdeverhale wat die harte van jonk en oud, deur alle eeue heen, in warme gloed gesit het.

Daarin word bepleit vashou aan ou tradiesies; gevolglik was alle nuwighede in Kerk en Staat gedug gehekel. Dit was nie soseer om vooruitgang te dwarsboom nie, maar meer om die naäpers, wat dit nie kon regkry nie, in 'n belaglike daglig voor te stel. En dis hierdie sarkastiese spot in geskrif wat vir die nie-lesers 'n buitengewone bekoring besit het en hulle tot getroue lesers gemaak het.

Daarin tref ons ook vertellings aan van geheimsinnige gebeurtenisse, van groot ontdekkings, van kunstige uitvindings, want Wonderland, deur al die tye heen, het altyd sy betowering vir jonk en oud nooit verloor nie.

En so was daar in die *Patriot* en *Ons Klyntji* nog meer gloeiende spatsels uit die smeltkroes wat van die Afrikaners 'n volk gemaak het. Daar was altyd te vind persone wat aan soiets deelgeneem het, en daar was jonges, vol moed en krag, wat bereid was om hulle te onderwerp aan die nukke wat 'n awontuurlike lewe so aantreklik maak. Die lees van sulke brokkies uit ons volkslewe was 'n aansporing om nog meer daarvan te lees.

Dit alles het die redaksie van die *Patriot* en *Ons*

Klyntji in toepassing gebring. Eers later het skrywers langer verhale aan die twee blaaie gestuur. Om 'n voorbeeld te gee van kort stukkies, haal ons enige aan uit *Ons Klyntji* van 1902 bls. 7 en 8 waar vier kolomme van sulke mededelings voorkom soos: —

»Die Eifel Toring is 8 duim korter in di winter dan in di somer, deur dat di yster krimp en rek.

Gefangene wat in Marocco gearresteer worde moet di poliis betaal fer di moeite om hulle na di tronk te neem.

Een fan di Buenos Ayres koerante het 'n spreek-kamer, waar armes dageliks geneeskundige hulp gratis kan kry.

In Noorwege leef di mense o'er algemeen langer dan in enige ander land fan di wereld.

Di Engelse spoorwege kos £ 50,000 per myl; die Duitse £ 20,000; en di Amerikaanse £ 11,000.«

Also word die vier kolomme gevul, en wees maar verseker dat een vir een gretig gelees was — deur klein en groot mense. Die stukkies word egter langer totdat hul sluit met een van ongeveer hierdie legte: —

Grote Familiis — Min faders het so 'n groot famili as 'n applikant fer aflossing an di Birkenhead Guardians wat sê dat hy 70 jaar oud is en di fader is fan 24 kinders — di oudste is 50 jaar en di jongste nog 'n »baby«. Hy was egter twee maal getroud. Dr. Hudson fan York, wiins frou gestorwe is in haar 39ste jaar, had 24 kinders. Mnr. Joseph Cooper fan di selfde stad is fader

fan 26 en mnr. William Greenhill fan Abots Langby in Hertfortshire het ni minder dan 39 kinders gehad by een frou. Freeslik!

Dit was werklik 'n plesier om te sien hoe gretig hierdie kort stukkies verslind geword is. 'n Lang verhaal, sê van 3,000 woorde, moet al baie interessant en boeiend geskrywe wees voordat 'n swak leser dit tot die einde sal lees.

Die Genootskap was vas daarvan oortuig dat die minder bevoorregtes gretig sal lees wanneer aan hulle besorg word geestesvoedsel, wat hulle maklik kan verteer. In plaas van om heeldag die ou deuntjie te sing *ons mense lees nie genoeg nie* het hulle vir doeltreffende leesstof gesorg. Dat hulle dit reggekry het, vereis geen verder betoog nie, want die bewyse daarvan is, dat die *Patriot* gegroei het tot die mees verspreide en gelese blad met die grootste aantal geesdriftige intekenare.

Watter soort leesstof wat die nie-lesers tot lees sal bring nie, is, soos reeds gesê, lang stukke met 'n vervelige inleiding. Die eerste wat so 'n leser doen, is om vorentoe te blaai om te tel hoeveel bladsye so 'n bydrae bevat. Is dit te lank na sy sin, dan lê hy die stuk opsy met die woorde:

»Ek het *nou* geen tyd om so 'n lang getal te lees nie.«

En wees maar daarvan verseker: hy sal nooit tyd daarvoor inruim nie.

Dat ons mense nie genoeg lees is in die geheel nie toe te skrywe aan gebrek aan leeslus nie, maar wel omdat hulle nie altyd die leesstof kan kry nie, waarna hulle verlang. Bo alles dra die hoë pryse

van boeke die skuld daarvan. Druk goedkoper boeke en merk dan op die verandering. Die Genootskap het dit glashelder ingesien. Opvoeding was by hulle nie geldmaak nie, anders sou hulle 'n ander weg ingeslaan het. Hier volg enige pryse van boeke deur hulle gedruk en verkoop: —

De Geskiedenis van de Vryheids Oorlog deur J. D. Weilbach en C. N. du Plessis, 420 bladsye met kaarte, 2 *s.*

Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge, P. P. J. Coetzee, 9 *d.*

De Voortrekkers, zes Voorlezings, ds. J. D. Kestel, 6 *d.*

Wat Geld kan doen, 'n Verhaal, 9 *d.*

Di Skool op di Heide, boeiende Verhaal, 9 *d.*

Gevlug fir Liifde, J. T. Odendaal, 3 *d.*

Dire-Storiis, G. R. von Wielligh, 6 *d.*

Dit is bekend, dat 'n koerant en tydskrif gedryf word op die inkomste ontleen aan advertensies; ongelukkig was dit nie die geval met die *Patriot* en *Ons Klyntji* nie, want baie, baie min het daarin geadverteer; dus moes die Genootskap die onkoste uit verkoopgeld dek — en dit was gering genoeg.

Teenswoordig word anders gereken: ons sal julle opvoed, maar dan moet julle daarvoor goed betaal; want julle kan tog nie verwag dat ons verniet moet werk nie.«

Het die Genootskap dieselfde weg gevolg, wat het dan van hul poging geword om ons volk aan die lees te kry? Nee, ons moet werk vir Geld of vir Liefde. Werk ons vir geld, dan moet ons nie so geveins wees om dit vir 'n saak van liefde te verkondig nie. Die beste is dan om maar stil te bly, want deur

ons handeling word al ons praatjies geopenbaar.

Die rede waarom die Patriot-Drukkery so billik boeke kon verkoop, is, omdat die strewe was om *goedkoop leesstof te lewer* en nie soseer om pragwerk, op die duurste papier gedruk en in die sierlikste band gebind, in die *handel* te bring nie.

Die bewys verder is (dat die Genootskap by die volk leeslus opgewek het) hulle het deur hul boekhandel aan die Pêrel tot die jaar 1909 nie minder as 152.000 boeke verkoop nie; en hoeveel lesers het elke boek nie gevind nie? *Ons Klyntji* het oor die 2.000 intekenare gehad — meestal op die platteland wonende — en hoeveel lesers was daar nie om sy inhoud te verslind nie? Dan die *Patriot* het sowat 3.000 intekenare gevind en hoeveel lesers was daar wat met hom kennis gemaak het? In ons tyd is daar koerante en tydskrifte wat op 'n *baie* groter lys van intekenare roem, maar hulle het reeds van die begin sterk geldelike en invloederyke steun agter hul rug gehad — iets wat die Genootskap nie ten deel geval het nie. Sonder kapitaal, sonder invloed en geen advertensies vir hul blaaie nie, het hulle dit alles met God se hulp reggekry en deur gedryf: Net soos met alle ministeries is dit politiek wat hul orgaan tot val gebring het, want die Genootskap was immers ook 'n politieke liggaam, die organiseerder van die Afrikaner Bond.

Solank die plan van die ou garde nie opgevat word nie, om goedkoop lektuur te lewer nie kan ons vir ons hees skreeu: *Ons mense lees nie genoeg nie* wat ons tog geen spelddikte vorentoe sal help nie — amper aldag vra nie-lesers my boeke om te leen. Dit mag beweer word: »In ons teenswoordige dae

word daar meer boeke verkoop.« Reg so! Maar waarom? — Omdat daar meer kinders op skool is, en daardie duisende kinders leer Afrikaans waarvoor Afrikaanse boeke nodig is. Maar vra liewers hoeveel van daardie kinders word lesers ná hulle die skool verlaat het? Hiermee moet rekening gehou word! Hoeveel van daardie seuns en dogters het 5/- of 7/6 om van hul sakgeld te spaar om leesboeke daarvan te koop? Dit natuurlik maak ons tyd 'n periode van Tydskrifte. Nou ontstaan die vraag: »Vind al daardie seuns en dogters altyd in tydskrifte die iets waarna hulle verlang?« En word die verlange nie bevredig nie, dan, so seker as in die geval waar water ontbreek, word die aangeleerde begeerte, om te swem, geweld aangedoen en sterf op langerlaas.

In plaas van om na die gebreke van díe Genootskap met vergrootglase te soek, erken liewers met dankbaarheid die klein bietjie, of die groot weldade van dié baanbrekers aan land en volk betoon.

Laat ons feite vas in die oë kyk: hoe was dit in die dae van die Genootskap? Seker slegter op skoolgebied as nou wanneer ons tans al twee uur te perd op die platteland skole vind en 'n dosyn en meer onderwys-inrigtings in ons groot stede, en vyf of ses in ons groot dorpe het. Wat is nou die geval? Volgens die Superintendent-Generaal van Onderwys van die Kaapprovinsie was daar in 1922 nie minder as 122,000 kinders op skool waarvan maar 11,000 Standaard VI behaal en 6,000 Standaard VII. Dus bly daar duisende kinders oor wat daardie standaarde nie bereik nie. Wat word van hulle ná hulle die skool verlaat het? Word vir hulle vir deeglike en goedkope leesstof gesorg? Baie roep uit: »Ja!« Ons

vra op ons beurt: »Kom bewys dit!« Sal kunsprodukte hulle bevredig meer as kultuur-historiese lektuur? Duur boeke meer as goedkope? Wat is die nuttigste leesstof vir hulle? Dan vind ons nog beoordelaars wat uitroep: »Om soiets te kom vertel in ons dae van vooruitgang....« Reg so, daar is vooruitgang in ons tyd op die gebied van »meer lees« — 'n slak gaan ook vorentoe en 'n krap, as hy nie so peuter om dwars te loop nie gaan ook skuins vorentoe. Kom toon ons onder daardie menigte die jongmans en jongmeisies wat sodanig smag na *kuns!* Want hulle het dit nooit in die laer standerds op skool geleer nie. Op hierdie punt kom ons later in die volgende artiekel terug. Laat ons dit steeds in gedagte hou: die Genootskap het hulle met voorbereidende en kultuurwerk in die eerste instansie besiggehou — wetende dat kuns vir die ontwikkelde lesers later *moet* volg — maar dan moet hulle eers daarvoor voorberei word. Elkeen van die twee Taalbewegings het 'n taak om te vervul: die Eerste om die volk te oortuig dat ons 'n baie bruikbare taal besit, en die Twede, om die Afrikaanse taal hoër te ontwikkel waardeur dit nou — net 50 jaar ná die stigting van die Genootskap — as een van die twee offisiële landstale deur die parlement erken is — iets waaroor albei bewegings baie tevrede kan wees. Die Genootskap het die weg gebaan en aldus sy tyd met lof uitgedien. Op die rowwe fondament deur hulle gelê, is die Twede beweging besig om die gebou met al sy versierings op te trek. En almal staan en afwag en kyk of die boustyl eg-Afrikaans of uitlands sal wees.

Die leser verstaan en vat die inhoud van 'n verhaal

veel beter as dit vertel word in die trant waarin hy self 'n gebeurtenis sou vertel. Die algemene manier hoe 'n Afrikaner sy verhaal meedeel, is om dit *te vertel* en nie juis om dit *voor te stel* nie — soos kuns dit nou meestal verlang. Van hierdie eienaardigheid het die eerste skrywers goed gebruik weet te maak en, om die volk aan lees te kry, het hulle hier die wyse van mededeling by voorkeur gevolg. Omdat die onvolmaakte verlede tyd van die werkwoord in Afrikaans nie bestaan nie, en ook omdat die Afrikaner sy verhaal in die teenswoordige tyd — net soos in Hebreeus — vertel, het sommige skrywers in die gewoonte geraak om die bywoorde van tyd 'n bietjie te veel te gebruik. Dit hinder die beoordelaars in ons tyd en hulle het soms onnodig te veel daaroor te sê. By sommige skrywers was dit meer 'n strewe om boeiende verhaaltjies te vertel, om daarmee leeslus op te wek, as om soseer ag op styl te slaan — reg of verkeerd!

Die minder-bevoorregtes, wat nie van jongsaf vir 'n letterkundige smaak opgelei is nie, openbaar die neiging van kinders en jongmense om na grappe, of na ware gebeurtenisse, of vertellings wat nie inspanning eis nie, baie graag te luister. Dis om hierdie rede dat die lede van die Genootskap nie swaar lektuur aan dié soort lesers aangebied het nie. Die doel was: kry hulle maar eers aan die lees, dan sal hulle wel vanself na beter leesstof van hoër gehalte soek — na mate die kennis toeneem, in die verhouding stel dit hoër eise aan smaak.

Om die verwaarloosde deel van die bevolking te bereik het die Genootskap begin opbou van die grondvlak waarop die mense hul bevind het. Sommige

beoordelaars is van mening dat die Genootskap nie tot die lae peil van die klas mense moes gedaal het nie, maar hoër gestaan en daar begin het. Teoreties mag hierin iets sit, maar prakties beskou sou dit op 'n mislukking heen gestuur het. Watter bewys het ons verder hiervoor nodig as dit: die Genootskap het uitstekend daarin geslaag om lesers te maak. Hulle doel is bereik.

»Ek het my onwys gehou,« het Paulus gesê, »om die wat onwys is te wen.« En wie het daar beter in geslaag om die Evangelie te versprei? Hy, wat op dieselfde peil van die swakkes gaan staan het.

Hierop word gevra: »Nà die doel bereik is, waarom dan nie letterkunde van 'n beter gehalte gelewer nie?«

Die antwoord was reeds gegee: »Omdat daar aldag nog onbevoorregtes gebore word wat aangehelp moet word.« Onttrek die hand van hulle, sê, waar kom hulle tereg? En dan ons moenie vergeet nie: *Almal* was toe nog nie gewen nie.

Deurdat die stryd al die aandag van die Genootskap geëis het, en die middele om die stryd te voer baie, baie skraal was, het die lede hul aandag aan jong kinders (sê van twaalf jaar of daar onder) nie na behoefte kon bestee nie. Dog die jong geslag bo daardie ouderdom, en wat reeds goed kon lees, het voldoende en bevredigende vermaak in *Ons Klyntji* gevind. Lewendig was hul beskrywings in later jare hoe hulle met brandende verlange uitgesien het na die dag wanneer die pos weer *Ons Klyntji* sou bring.

As ons die toestande in Suid-Afrika met sy dun bevolking in aanmerking neem, dan moet die leesstof van 'n populêre tydskrif in drie klasse verdeel word. Klas een moet lektuur verskaf vir liefhebbers van

kuns en populêre wetenskap. Klas twee moet bevat leesstof vir persone wat nie verder as Standaard VI geleer het nie. En Klas drie moet interessante verhaaltjies en beskrywings van wonderlike dinge bevat vir kinders van ongeveer twaalf jaar. Alles moet vir die spesiale doel geskrywe word; want wil iemand twee of drie voëls met één klip gooi, gebeur dit dat hy geeneen raak nie. Aan hierdie eise het *Ons Klyntji* nie voldoen nie — vir die geleerde klas lesers was geen voorsiening gemaak nie om redes reeds vermeld. Maar wat Klas twee betref was die uitwerking pragtig en ons geniet vandag nog die vrugte daarvan — want dit het van die jonger geslag uit daardie dae voorstanders gemaak wat die Twede Taalbeweging so geesdriftig opgevat het.

Enige Afrikaanse tydskrif is baie afhanklik van die plattelandse lesers. Die dorpelinge is te na aan boekwinkels waar enige soort tydskrif, vir allerlei doeleindes, goedkoop aangebied word; terwyl hul daarin meer vind as wat 'n Afrikaanse tydskrif hom kan verskaf. Gevolglik, in die algemeen geneem, het hul nie die belangstelling in die Afrikaanse blad as wat die buitebevolking het nie wat as 'n reël geen ander blaaie lees as die Afrikaanse geschrifte nie.

In kort, dié persone wat onder die Eerste Taalbeweging die pen opgeneem het, het kultuurskrywers geword en het hulle daarop alleen toegelê.

§ 9 — WAAROM NIE KUNS GELEWER NIE?

Grotendeels is hierdie vraag in die vorige artiekels reeds bespreek en bly nog hier en daar verduideliking nodig. Dit kan beweer word, dat die eenvoudigste letterkundige artiekeltjie kuns kan bevat. Niemand kan dit betwis nie. Nou vra die beoordelaars in ons tyd — 50 jare daarna — waarom die eerste skrywers dit nie gedoen het nie. Sonder om apologies te maak kan die eerste skrywers daardie paar beoordelaars vol in die gesig kyk en antwoord:

»Die taalgeleerdes, wat 'n kunsopleiding gehad het, het Afrikaans uitgeskel vir 'n Hotnotstaal — 'n kombuistaal — en nie werd om 'n skryftaal van te maak nie. Gevolglik het hulle in die kombuistaal geen kuns kon sien nie. Die eerste skrywers moes hulle glo, want hulle het die voorreg van 'n kunsopleiding misgeloop. Die taalpioniers, in die heftige stryd, skenk toe hul aandag aan 'n eie kultuur om dit volgens die volksaard te ontwikkel. Hiervoor was die beoordelaars met al hul geleerdheid blind en handel nes die wolf met die lam en soek die fout op die verkeerde plek.«

Hoeveel onderwysinrigtings was destyds in Suid-Afrika waar iemand hoër onderwys kon ontvang het? Met die slegte toestande van daardie dae, hoeveel kon ver van ouershuis gaan studeer het? Die weinige wat toe matriek gepasseer het, was groter in tel as diegene wat vandag met 'n dokterstietel uit Europa terugkom. En selfs die geringe getal wat matrikulasie afgelê het, het nie te veel van kunswaarde van 'n letterkundige stuk verstaan nie. »Ja maar,« so word

beweer »'n kunstenaar word gebore.« Dit is so! Volkome reg! Maar watter groot woord- of ander kunstenaar het daar geleef, of leef nog, wat nie 'n tegniese opleiding vooraf geniet het nie? Waarom dan moet die eerste skrywers juis kuns gelewer het as hul die vereiste tegniese onderrig daarvoor nie kon verkry nie?

Meet elke artiekel met sy geykte maat. In plaas van steun te verleen was gewillige kragte verlam en hard word probeer om alle bestaande moed te ontneem. Sulke afbrekers het tog nie geslaag nie, maar die skrywers wel. Wie verdien nou opregte dankbaarheid?

Die groot fout, waar ons beoordelaars totnogtoe oor struikel, is om ons skrywers met die van Europa te vergelyk. Maar hulle verloor een streek uit die oog: —

Dat die Hollandssprekende bevolking van Suid-Afrika nog geen miljoen tel nie, terwyl Europa 276 miljoen inwoners tel;

Dat Afrikaans as skryftaal maar 50 jaar oud is, terwyl die Europese tale honderde jare reeds 'n skryfvorm besit;

Dat ons pas Uniwersiteite gekry het, terwyl Europa vir eeue daarmee bevoorreg is;

Dat Europa vir eeue in besit is van groot boekerye, terwyl Suid-Afrika totnog oor so 'n groot versameling van breinwerk nie kan spog nie;

Dat al ons geleerdes tot nou toe na Europa en Amerika moet gaan om daar hul dokterstietels te gaan haal;

Dat met alles voor ons — veronderstel dat ons dieselfde kanse sou hê as Europa — as Europa elke jaar 'n groot man lewer en ons maar elke 300 jaar, dan staan ons, wat getalsterkte betref, net gelyk.

Solank het die beoordelaars nie tyd om te wag nie! Hulle verwag dat by ons alles soos 'n vuurslag moet gaan.

Selfs die Engelssprekendes van Suid-Afrika — die studente veral — maak daarvan 'n verwyt dat ons nog nie sulke groot kunstenaars as Engeland gelewer het nie. Hoe omtrent hulle, die Engelssprekendes? Wat het hulle vir ons in die Engelse taal gelewer? Ons sê: »Dit is meer 'n skande vir hulle as Afrikaners om Engelse letterkunde uit Europa in te voer, waar is dan die beroemde Engelse werke wat *hier* geskrywe is? Ons skryf ons Afrikaanse letterkunde hier, die Engelse letterkunde word in Brittanje geskrywe — bedoel word ook wat vir eksamens voorgeskrywe word.

Met dit alles voor ons, dring verskillende vrae by ons op: —

Watter lektuur word die meeste gelees? Die antwoord is: koerante. Maar koerante streef om voorligting te verskaf en stel nie juis kuns as mikpunt nie. Die antwoord is verder: ook uitlandse tydskrifte. Ondersoek die gehalte van hul inhoud en die leser kom tot sy eie konklusie dat daar maar min ware kuns in skuil. Aan ligte verhale word die voorkeur gegee.

Hoeveel uit 1,000 mense koop 'n digbundel om daar genot in te soek? Met ander woorde: sou digbundels net so flink verkoop as hulle nie vir onderwys nodig is nie?

Hoeveel van 'n bevolking waardeer kuns? Vergelyk die getalle van toehoorders in 'n »volgepakte saal« met die hele bevolking van die stad of dorp; en oordeel self. Is daar nie meer in bioskoopsale en

sirkustente nie? Hierop sal geantwoord word: dis omdat toegangkaartjies na bioskope en komedies goedkoper is. Maar waarom is die kaartjies goedkoper? En die antwoord volg: omdat daar meer mense na toe gaan as na kunssale.

Reg of verkeerd, dit is die feite en bestaande toestande. Ontneem dit aan die publiek, wat sal die gevolge wees? Sal dit hulle beter of slegter maak? Sal dit kuns bevorder?

Laat ons luister na wat 'n student aan een van ons groot opvoedingsinrigtings aan my geskryf het: —

> »Publieke smaak is iets van sy eie en laat hom nie dwing nie. Gedigte soos *Sannie haar Stewels, Klaas Geswint* en *Van George na Mosselbaai* het ons volk se eiendom geword, en hulle vind dit baie mooier as . . . ., en lag hartlik daaroor. Smaak laat hom nie altyd verklaar nie. Dit het ek opgemerk toe professor Lauwerys 'n tydjie gelede hier 'n voorlesing-konsert gehad het. 'n Hele paar van die gehoor het uitgestap lank voor die end — ander kon niks geniet nie en het onbehoorlik gesit en lag. Die volgende dag het, wel ek weet nie hoeveel nie, my gestorm en was verwonder dat ek daardie voordrag geniet het. Die een sê: »Ag, het ek maar liewers vir my lekkergoed gekoop vir daardie twee sielings.« Die ander een wou maar liewers bioskoop-toe gegaan het, want hulle het daar juis so 'n pragtige *Love Story* gewys en nog meer sulke onsin. U moet verstom staan as u hoor dat sommige van hulle matriek-studente is. Hulle geniet Danie Smal, ons Afrikaanse kunstenaar,

baie meer en prys hom veel meer as vir professor Lauwerys. Hy word so geprys dat hy net hoogmoedig kan word as hy dit sou hóor.«

Lê hiernaas die koerantverslag waarvan afgelei kan word dat *almal* die voordrag so geniet het dat jy 'n muis oor die vloer kon hoor loop het. En hoeveel was daar wat nie so ongeleerd of onopgevoed wou lyk nie wat, om nie uit die mode te wees nie, verklaar het dat hulle dit ook o, so baie geniet het? Wel seker was daar baie persone wat die voordrag ten volle geniet en gewaardeer het, maar wat is hulle getalverhouding tot die massa van daardie stad?

Daarom was dit die strewe van die Genootskap om dié wat aan sulke voordragte geen behae vind nie, die wat liewers na die bioskoop en komedie wou gaan, of liewers vir die twee sielings lekkers wou koop, met leesstof te bereik waaraan hulle iets het. Heeltemal sonder lees bly iemand tog nie — net hy moet die hand daarop kan lê en wel op iets wat sy weetgierigheid sal bevredig.

Om aan die eerste skrywers te vra, waarom hulle uit staande voet nie kuns gelewer het nie, sou gelyk staan om aan die ou Voortrekkers te vra, waarom hulle uit die staanspoor nie mooier en geriefliker woonhuise gebou het nie. In albei gevalle was die stryd vir verowering te heftig en die afloop te onseker om kragte te verdeel.

Dit sou dwaas van die Genootskap gewees het om die onbevoorregtes uit die begin op romans of lang verhale te trakteer; wat dié mense nodig gehad het, was leesstof van kultuurwaarde. Laat ons hieromtrent die leier van die Genootskap aan die woord

bring waar hy die beginsel onbewus verkondig (Sien *Ons Klyntjie,* Januarie 1902, bladsy 5) alwaar ds. du Toit, die redakteur, as volg skryf: —

> »Tot ons innige blydskap find ons weer 'n paar stukke uit die pen fan die waardige 82-jarige oue fader, meneer M. H. wat ons uit di »Graaff-Reinetter« met genoege o'erneem, en wel in di hoop dat dit di lesers fan *Ons Klyntji* sal interesseer, en feral di jeugdige lesers wat in fele opsigte *deur di menigte boeke vol ferdigte ferhale, waar niks van waar is nie, fan di waarhyd aftrek en ferfoer word in 'n doolhof fan sinbedrog, sonder enige nut fer siil of liggaam.* Dog hiir het ons op nuw 'n mededeling uit di pen fan iemand wat nog leef, *gegrond op suiwer waarhyd ter nuttige herinnering an di oue tyd ....«*

Maar dit sê nog nie dat die Genootskap teen romans van goeie sedelike atmosfeer was nie; maar hulle was oortuig dat lektuur, wat te uitgerek is, die swak lesers sal afskrik. Dan weet ek van mense wat koerante en tydskrifte met elke pos ontvang, maar wat bepaald teë is om enige verdigte verhaal te lees. Hulle lê dit eenvoudig opsy en voeg daarby: »Ek lees nie die leuens van ander nie.« Naas hom sit sy vrou en lees in haar tydskrif *net* die gedeeltes wat informasie en *waarheid* bevat. Natuurlik is dit nie die geval met almal nie — maar wees verseker: in die ou dae was daar baie van hulle wat van verdigsels niks wou hoor nie, want »dit bring die mense op die verkeerde spoor«.

En daar die skrywers die styl gevolg het van »soos

ons praat« spreek dit vanself, dat kuns min ruimte in hul bydraes beslaan het.

Die strewe van die Genootskap was, om lektuur te lewer wat die minder bevoorregtes, deur hul eie wyse van uitdrukking, beter kon begryp en vat as geskrifte met kuns opgeskik.

Was kuns by die ou garde van minder belang, dan moet erken word, dat hulle die suiwer Afrikaanse idioom baie doeltreffender as tans aangewend het. Het iemand hom destyds met 'n Hollandse idioom bedien — wat in ons tyd maar te dikwels die geval is — dan het sy medewerkers dadelik opgemerk:

»Dis Hollands, en nie Afrikaans nie! Só sê ons in Afrikaans.«

Dit was dus die Genootskap se doel om Afrikaans suiwer op die grondslae van die spreektaal te ontwikkel; was hierdie fondament nie so deeglik deur hulle gelê nie, dan, met die hedendaagse neiging, bestaan daar geen twyfel dat die skryftaal baie van die teenswoordige styl sou verskil het. Niks het hulle by halfies gedoen nie. Aan die lede en ander is opgedra om lyste van egte Afrikaanse uitdrukkings en woorde same te stel, die meeste van die woorde is vir die *Afrikaanse Woordeboek* van die Genootskap gebruik. Êrens het Prof. J. J. Smith daarop gewys:

> »Dat baanbrekerswerk altyd aan allerhande gebreke mank gaan, en dat dit onmoontlik so afgerond en volmaak kan wees as die prestasies van later knappe en geskoolde volgelinge vol selfvertroue en vaste kennis. Dit is nou eenmaal so: Die voortrekkers na 'n nuwe land het nie 'n gebaande pad om op te reis nie en moet

dikwels ongemaklik rondval en spartel; die gebaande pad kom eers veel later — wanneer die ontdekte streke ontwikkel en bewerk is. Baanbrekerswerk is meestal moeilike werk; en as dit beoordeel word, dan moet daar wel deeglik rekening gehou word met die tyd waarin, en die omstandighede waaronder, dit ontstaan het. Hierdie billike beginsel word nie altyd deur ons Afrikaanse Krietisie genoegsaam op die voorgrond gestel nie — en die gevolg is nie alleen dat hulle kritiek eensydig word nie, maar ook dat hulle onnodig aanstoot gee....«

Hiermee sal elke taalgeleerde akkoord gaan. Laat ons feite tog as feite beskou, en bespieëlinge vir wat hul werd is; een ding staan vas: as iemand nie so ver opgelei is om kuns te *kan* waardeer nie, of geen *kunssin* besit nie, is dit baie onbillik van die beoordelaar om van die leser te eis, dat hy dit *moet* waardeer — altyd met die gedagte gerig op die vraag: »Wat het die duisende van ons volk meer nodig, kultuur- of kunsopleiding?« Bedoel word: die duisende en duisende seuns en dogters wat die skool verlaat vóór of met Standaard VI en die ouer geslag wat soveel tyd aan onderwys nie kon bestee en bekostig nie? Is dit dan nog 'n wonder, dat Dr. D. J. Malan, minister van Onderwys ons vertel dat 80 persent van die bevolking nie lees nie?

§ 10 — DIE TAAL VAN DIE GENOOTSKAP.

Net soos met die Twede Afrikaanse Taalbeweging het die taal van die Genootskap geleidelik 'n aanmerklike verandering ondergaan. Dit is heel lig te begryp! Want die lede het in die begin geen leidraad gehad om te volg nie, hulle self was nuwelinge en onervare skrywers wat toe nog maar te vas was aan die Hollandse spelling en skryfwyse — soos maar te duidelik blyk uit die notule van die voorlopige vergadering gehou aan die woonhuis van Gideon Malherbe. Dit begin so: —

> »Notule van een voorlopige vergadering van Afrikaanders gehouden in die Paarl op die 14 Augustus 1875.
>
> Meneer C. P. Hoogenhout wort voorlopig ver voorsitter van die vergadering gekies.
>
> Meneer A. Ahrbeck wort voorlopig ver sekretaris en S. G. du Toit ver sub-sekretaris gekies.
>
> Meneer A. Ahrbeck stel voor om die naam en reëls van die Genootskap deur een Commissie te laat opstel en by een vollende vergadering laat voorlê. Gesekondeer deur D. J. du Toit, D. P.sn. Algemeen aangenomen.«

Na die stigting van die Genootskap in Augustus was die liggaam meestal met organisasiewerk besig; en vreemd genoeg was die onderlinge briefwisseling — ook net soos in die begin van die Twede Taalbeweging — meestal in die Nederlandse taal gevoer. Vir onderlinge korrespondensie het dit 'n baie lang

tyd vir die Afrikaner geneem om hom van sy eie taal te bedien. Wat die taal van die Genootskap betref het dit steeds verbeter; en vier maande na die stigting van daardie liggaam — naamlik met die verskyning van hul orgaan, *Die Afrikaanse Patriot*, op die 15 Januarie 1876, kom die blad met suiwerder Afrikaans voor die dag; daarin lees ons: —

> »Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so ver te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steekse pêrde; hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas an die Hollandse taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steekse pêrde te laat pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons Patriot »an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.«

Hier luister ons na 'n taal sonder geleerdheid opgesmuk en wat van 'n Afrikanerhart tot 'n Afrikanerhart praat, opgestel in duidelik verstaanbare woorde, gekleed in suiwer Afrikaanse idiome en uitgedruk in kort sinne. Hier is nie na kuns gestreef nie, maar wel na die teruggawe van die taal gebore in die siel van die volk en wat tintel van lewe en krag. Goeie beeldspraak tref die leser altyd — vernaamlik as dit speel op dinge wat dikwels onder sy aandag kom. In hierdie geval is dit die steekse perd wat nie in die voortuig wil pronk nie. Want om droë logiese

redenerings te lees val min in die smaak van 'n volk wat graag van die luimige sy ook iets wil hoor. Dit het die eerste skrywers wel begryp en het daarvan goeie gebruik weet te maak. Hoe grappiger, hoe geestiger 'n stuk geskrywe is, hoe meer lesers sal dit vind — die hoër en fyner humor is aan ryker ervaring verbonde en lê meestal buite die begrip van dié jonger geslag wat Afrikaans die eerste omhels het. Soek maar nie te veel daarvan in die voortbringsels van die eerste skrywers nie — nòg hulle nòg die onbevoorregtes was daarvoor opgelei, dit is iets wat met toenemende jare eers kom. Maar 'n grap, 'n sinspeling, of 'n geestige gesegde vereis nie geleerdheid om dit te vat nie.

Dit skyn die jong beoordelaars maar nie te kan besef nie. Hulle bekyk die gros van die bevolking deur die bril waarmee hulle gestudeer het. Die oorgrote volksmeerderheid het nie al hul kinderjare op skoolbanke deurgebring nie, al hul jongelingsjare in uniwersiteite verslyt nie, en het nie onmiddellik daarna onderwys gaan gee aan gevorderde studente nie. En dis daarom dat daardie onervare krietisie so maklik kan opmerk, dat die eerste skrywers bywonergrappies verkoop het. Het die ou garde so onprakties gehandel om uit staande voet 'n magtige hoë geleerdheid aan die dag te bring, wees dan maar daarvan verseker, dat Afrikaans vandag die teenswoordige stadium nie sou bereik het nie. Die bewys hiervoor is, dat die Twede Taalbeweging in die begin baie rondgeval het tot die S. A. Akademie ingegryp het en die spelling — met geringe uitsonderings — weer teruggebring het soos die Genootskap dit in sy bloeityd gehad het. Let op die groot ooreenkoms

van die spelling van die twee taalbewegings, en dan weer op die geringe afwykings. En vergeet nie, dat onder die Twede Beweging taalgeleerdes is wat die fonetiese spelling van die later tydperk van die Genootskap bepleit het as meer doelmatig.

Al die lede van die Genootskap was Bolanders, en ook die vier Hollanders, wat aangesluit het, het hul Afrikaans in die Boland geleer; dus is dit lig te begryp dat die Bolandse spraak die voorkeur in die skryftaal geniet het. So het hulle b.v. na Bolandse uitspraak geskryf: *oek* (vir ook), *baing* (vir baie), wat is dit *met* jou *saam?* (vir wat is dit met jou?), *patats* (vir patattas), *oulap* (vir duwweltjie), *agterlosig* (vir agtelosig), *esel* (vir muil), ens. Tog het die Genootskap — soos reeds aangehaal is — die intervokaliese *g* van die trans-Gariep behou in sulke woorde as: *wege, dage, egge,* ens. wat die spraakgebruik is van noordelike Kaapland, Vrystaat, Natal en Transvaal. Soos reeds aangetoon, was dit nie terwille van noordelike invloed nie, maar omdat dit 'n meer praktiese skryfvorm is.

Dit was ook die Genootskap ten laste gelê, dat die skrywers te geleerde woorde op die lippe van die kleurling en Hottentot gelê het. Maar dan vergeet daardie beoordelaars, dat die kleurling en Hottentot onder die bearbeiding van sendelinge is, en die sendelinge gebruik die Bybel om uit te preek, en die Bybel is in die Hollandse taal geskrywe, en die sendeling verklaar aan sy hoorders die betekenis van daardie hoë woord. Nou wie 'n Hottentot ken, weet ook as outa effentjies geswawel is, dat hy daardie hoë woorde uitpak — al gebruik hy hulle op die verkeerde plek soos die Griekwa prediker dit gedoen

het toe hy sy gehoor as volg aangespreek het:

»Vir julle is daar net twee paaie oop — net twee — die een gaan reguit na die *verdoemenis* en die ander reguit na die *hel!*" Klaarblyklik weet hy nie die verskil tussen *verdoemnis* en *hel* nie.

Dit is nie juis altyd die geval dat die Hottentot noodwendig 'n brabbeltaal moet praat nie; sy eie taal het hy vergeet en Afrikaans is sy aangenome en gebruikte spraak. Met Kaffers is dit anders: hulle besit nog 'n eie taal en leer om Afrikaans te praat, daarom word by hulle — nes by die ou Kaapse Mas-biekers — 'n brabbeltaal aangetref.

Verder word dit beweer dat die ou taalgarde soms 'n taal gebruik het wat in sitkamers liefs nie gehoor moet word nie. Hier sit iets waars in; maar vergelyk asseblief dié taal met wat deur Shakespeare, Byron, Cats en ander gebesig is, dan maak ons eerste skrywers nog 'n beter vertoon — hulle het hul rieme darem nie so ver styfgeloop as die voormelde buitelandse skrywers nie. Die sedelike atmosfeer van die eerste Afrikaanse geskrifte was suiwer; maar kan dit vandag van al die realistiese geskrifte van die moderne Europese skrywers gesê word? Onder die dekmantel van kuns het Zola, Tolstoi en ander die gedagtes van hul lesers met onkruid besaai — en dit kan van die eerste skrywers van Afrikaans nie beweer word nie. Die tyd, die toestande en die gebruike van die tye waarin en waaronder sulke gesegdes gebesig is, moet in ag geneem word. Net soos 'n voël gelok word met die gefluit wat hom die meeste beval, netso moet 'n nie-leser gevang word met die taal wat hy gebruik. En soos ons maar alte goed weet, word in veraf geleë streke — wat die Genoot-

skap wou oorwen het — taamlik vryuit gepraat.

Maar al die Afrikaanse skrywers van die ou dae is nie verantwoordelik vir alles wat in hierdie opsig aan hul bydraes toegevoeg is nie. Op die Patriot-kantoor was iemand aan die redaksie verbonde wat nogal van sulke soort grappe gehou het en hy het daar smaak in gevind om sinnetjies, of woorde, in te las wat nooit deur die skrywer daarin gebesig is nie. 'n Paar maal was ek net in tyd om sulke pretmakery te verhinder deur te laat uitkrap wat nie uit my pen gevloei het nie. Van my kant pleit ek egter nie algehele onskuld nie — dit was die gebruik in baie kringe en niemand het destyds daaruit aanstoot geneem nie. Lees ook maar die aller oudste geskrifte van alle nasies en dan sal die leser oortuig word dat die Patriot-skrywers daardie grense nie bereik het nie.

Van die drie, ds. du Toit, Hoogenhout en Oom Lokomotief het eersgenoemde die grootste invloed op die taal van die Genootskap uitgeoefen; maar van watter kant ook bekyk, dit is hierdie drie wat die toon en vorm van die Afrikaanse skryftaal aangegee het — al die ander skrywers het hierdie drie voormanne na gevolg.

---

§ 11 — DIE VERGADERINGS VAN DIE GENOOTSKAP.

Wie dit te beurt geval het om 'n vergadering van die Genootskap by te woon, sou dadelik getref gewees het oor die besadigdheid en kalmte wat

binne die vertrek geheers het. Die eerste verrigting was om die leiding en seën van die albestierende Voorsienigheid af te smeek. En so was ook alle vergaderings met dankgebed gesluit. In die besprekings het niemand getrag om agter 'n geleerde gesig te skuil nie, en die aanmatiging, wat so menigeen in die waan bring as sou hy meer as ander weet, was daar heeltemal gemis; nog minder het iemand probeer om die skone wêreld, wat meegevoel afdwing, met geleerdheid te bederf. Elke spreker was aandagtig aangehoor om daarna met instemming of afkeuring begroet te word. Aan bekwame leiers het dit nie ontbreek nie. Daar was ds. du Toit, die president van die Genootskap, wat 'n groot invloed oor die lede gehad het; daar was Pannevis wat die onderwerp onder bespreking met taalkennis verduidelik het. Oom Lokomotief en Hoogenhout was daar wat as onderwysers baie ervaring gehad het om iets duidelik te maak, ook was die ander daar, wat met die Afrikaanse spreektaal goed vertroud was. In die begin, toe die Twede Taalbeweging nog geen vaste rigting ingeslaan het nie, het dr. W. M. R. Malherbe, redakteur van *Die Brandwag*, hom per brief aldus uitgelaat: »Hoe jammer dat ons nou nie 'n man onder ons het van die kalieber van wyle ds. S. J. du Toit nie. Daar is plek vir so iemand op die oomblik; want al is die stryders baie, die genie ontbreek. Maar ons moet roei met die roeiers wat ons aan boord het.«

Dit het een van die bekwame stryers, 'n B. A. uit die Twede Taalbeweging, ook erken toe hy per brief as volg geskryf het: »Hoe dit ookal mag wees, dit is waar: die ou Genootskap het tot hulle be-

skikking gehad bekwame leiers soos ds. S. J. du Toit, Oom Lokomotief en mnr. C. P. Hoogenhout, op wie ons nie beslag kan lê nie. Maar dit moet julle weer erken, dat ons bekwamer taalgeleerdes onder ons tel — wat die studie van moderne tale verder nagevors het. Maar praktiese aanpassing is nog nie noodwendig aan geleerdheid verbind nie.«

Wel, dit is hierdie »praktiese aanpassing« wat die leiers van die Genootskap meesterlik verstaan het en die gevolg was, dat die Genootskap hul mikpunt getref het.

Die uiterlike voorkoms van die lede daar in die vergadering sou ook nie by die toevallige besoeker 'n diepe indruk nagelaat het nie. Hy sou dieselfde aanmerking hom laat ontval het: »O, dis die skoolmeestertjies en die Dalse wynboertjies wat hier vergadering hou.« En heellig het hy nog hierby gevoeg: »Waarom bestee julle nie liewers jul kosbare tyd, jul swaar verdiende geld en talente aan iets beters nie as om ons mense nog meer agteruit as vooruit te help?« Wie sou die toevallige besoeker dit kwalik geneem het, want die lede was nederig en het regtig eenvoudig gekleed gegaan.

Die werksaamhede was in die boesem van die vergaderings afgehandel, van kommissies en komitees het hulle min van gehou, of dit moet 'n baie buitenwone geval wees, wat 'n te lange bespreking eis of spesiale ondersoek noodsaaklik ag. Die voordeel hiervan is dat meer opienies oor die saak gehoor en meer informasie ingewen word.

Dat die Genootskap oortuig was dat 'n berg van werk op hul skouers gerus het, moes al die lede sonder ekskusies al drie maande na die gewone ver-

gadering kom, terwyl die Bestuur elke maand byeen moes kom. Het 'n gewone of bestuurslid 'n wettige rede om afwesig te wees, dan moet hy vooraf kennis gee dat hy nie teenwoordig kan wees nie; doen hy dit nie, dan word hy beboet, en by gedurige herhaling word sy naam geskrap.

Geldsorge het die Genootskap baie kommer besorg; in die vergaderings moes hulle net hul hoofde bymekaar sit om die saak van liefde te finansieer. Met ongeveer 50 intekenare op die *Patriot*, teen 5 sielings per intekenaar, het hulle die uitgee daarvan begin. Dit sou hulle £ 12.10 per jaar inbring. Maar hulle het vir propagandawerk 200 eksemplare teen £ 3.5 per maand laat druk. Dit kos per jaar £ 39. Waar is nog posseëls en skryfbenodighede. En tog was daar by die end van die jaar 'n klein bedrag wat deur private bydraers ingevorder was. Die twede jaar het besigheid toegeneem en het 'n tekort van £ 173.7 veroorsaak. Dit het die lede baie mismoedig gemaak, omdat baie onder die heftige teenstand en min steun gevrees het dat dit jaar na jaar erger sou gaan, die lede was nie bemiddeld nie en dit sou hulle binne 'n kort tyd in geldelike moeilikhede gestort het. Sommige wou die saak laat vaar. Maar dit was Oom Lokomotief wat in die bres getree het, en hy stel voor: »Die Genootskap moet £ 100 bymekaar bring, die intekenare £ 50 en hy (Oom Lokomotief) alleen sal die orige £ 23.7 uit sy sak betaal. Hieraan is voldoen en dit het die Genootskap moed gegee om met wurg en struikel op hul ingeslae weg voort te gaan. Maar sal hulle 'n saak, wat hul soveel kommer en sorg onder die hardste teenstand gekos het opgee? Nee!

Hulle besluit om die koste te verminder, om hulle

korrespondensie nie meer Kaapstad-toe te laat gaan nie, en om dus ander se neuse uit hul sake te hou, om 'n handdrukpers te koop om daarmee hul drukwerk self te verrig. Wat 'n gesukkel was dit om 'n koerant met 'n handdrukpers af te druk! Die intekenare (onder wie daar ryk veeboere was) het besluit om aan die Genootskap 'n snelpers present te gee. In die tyd het die handpers in 'n klein kamertjie gestaan — eers by Gideon Malherbe in sy woonhuis en hy het die lettersetter gehuisves en uit eie sak betaal, toe weer in die agterplaas in 'n buitekamer by ds. du Toit. Maar nou met die snelpers het P. B. de Ville 'n dubbele verdieping op die hoek van Hoof- en Lady-Greystrate gebou waarin die kantoor van die *Patriot* oorgebring is. Ek as landmeter, het ook daarin 'n kamer gehuur. Die besigheid word tot 'n Maatskappy, D. J. du Toit en Ko, bevorder, 'n boekwinkel word geopen en dit het die hoofbrekens van al die lede verminder tot so 'n graad dat die werksaamhede van die Genootskap feitlik hier gestaak het; dit het alles op die bestuur van D. J. du Toit en Ko. afgeloop waarin ds. du Toit, Hoogenhout, D. J. du Toit (oom Lokomotief) en D. J. du Toit (dokter) die hoofrol bly speel het. Nou was die gereelde vergaderings van die Genootskap nie meer die finansiële skrikbeeld nie. Soos ons verder aan sal verneem, was die *Patriot* die vader van die Afrikaner Bond; die blad het die orgaan van die Bond geword en gevolglik het daardie politieke organisasie baie van die geldelike verantwoordelikheid op hulle geneem. So kon die Genootskap van af 1878 — drie jaar ná sy stigting — vryer asem haal. Voor dit so ver gebring is, het dit baie, baie swaarkry en

opofferinge aan die lede van die Genootskap besorg.

Omdat Afrikaans nog as skryftaal verder ontwikkel moes word, en omdat die Genootskap aan sy lede opgedra het om aantekeninge van egte Afrikaanse woorde en uitdrukkings te maak, was die woorde en uitdrukkings — as daar tyd was — in die vergaderings bespreek, wat as 'n reël die geselligste deel van die verrigtings was. Dit is gedoen met die doel om die lede op die hoogte te stel wat van hulle verlang word. Pannevis het 'n besondere voorraad aantekeninge besit en vandag nog bestaan daar boekies vol aantekeninge in sy handskrif.

So het aan alles 'n einde gekom. Die ou dinge is verby gegaan en let: alles is nuut! Die soort werk moes verrig geword het, dit is afgehandel en sal nooit weer nodig wees om oorgedoen te word nie. Dit is uitgevoer met die grootste liefde vir land en volk sonder enige hoop om daar geld uit te maak. Die minste beloning wat hulle kon verwag het, is Erkentlikheid. En dit word hulle deur die miskenning van sommige onpraktiese beoordelaars nie gegun nie. Die ou baanbrekers verlang nie op hul grafte palmkranse met rose deurvleg nie — hul werke, wat hul nagelaat het, is in hul beskouing meer in waarde as enige monument tot hul nagedagte.

---

§ 12 — DIE GENOOTSKAP EN NEDERLANDS.

Deur die teenstanders van Afrikaans — vernaamlik die kerk — was altyd beweer dat die Genootskap vyandig teenoor Nederlands gesind was. Dit het hulle natuurlik uit hul duim gesuig en kon dit nie bewys

nie. Herhaaldelik het die redaksie van die *Patriot* die standpunt van die Genootskap oor Nederlands verklaar en o.a. gesê: —

> »Ons Genootskap is nie teen die Hollandse taal nie, soos party van ons vyande geseg het; maar ons het die onmo'ontlikheid ingesien om die Hollandse taal in Suid-Afrika te herstel.«

Die bewys van hul bewering het die redaksie gegrond op die poging van dr. Changuion, van Kaapstad, om dit te doen en daarin nie kon slaag nie — hy het dit as 'n hopelose saak moes opgee.

Die Genootskap het ingesien dat, wat die taal betref, Afrikaans die enigste redmiddel van ons volk sal wees, en deur Hollands te steun sou hulle hul doel eerder kon bereik. Die Kerk weer aan die anderkant kon maar nie insien dat die kerktaal sy behoud aan Afrikaans te danke het nie, met geweld het hulle Afrikaans beveg terwyl hulle voor hul oë sien hoe Engels dag na dag die oorhand kry.

Daantjie van den Heever, één van die moedigste kampvegters vir Afrikaans, het saam met A. S. du Plessis en ander in sy distrik Burgersdorp die Boere-Vereeniging van Albert opgerig. Die vereniging het petiesies opgetrek om die Hollandse taal in die parlement te gebruik. Die *Patriot* het die versoekskrif so hard moontlik ondersteun. Die versoek is nie toegestaan nie miskien net om die Hollandssprekende lede, wat nie Engels ken nie, uit die Parlement te hou. Dit was in 1879. In 1880 skrik die Kaapse Sinode wakker en bemoei hul ook met die saak. En begryp jou effentjies, daar was 22 predi-

kante en ouderlinge wat daarop teë was dat Hollands in die parlement gebruik sou word. Al die tyd veg die *Patriot* onvermoeid om Hollands sy regte in die wetgewende vergadering te laat wedervaar. Die meerderheid van die Sinode egter was tengunste van die petiesie, hulle benoem 'n kommissie uit hul lede en kies ds. S. J. du Toit tot lid en sekretaris van die Sinodale kommissie. Hulle het dus goed geweet met wie en watter party hulle te doen gehad het. Ook, sou dit waar wees dat ds. du Toit teen Hollands was, sou hy so 'n benoeming van die hand geslaan het.

In die tyd is 'n Hollandse Vereniging opgerig wat „*Het Zuid Afrikaansche Tydschrift*" tot hul orgaan gehad het. C. P. Hoogenhout het aan die redaksie daarvan deelgeneem. Van die Pêrelse Tak was ds. du Toit die voorsitter en dr. J. Hoffman (een van die lede van die Genootskap) die sekretaris. Verder was die allereerste Taalbond-Eksamen deur die Pêrelse en Wellingtonse Takke afgeneem. Die meeste lede van die Genootskap was ook lede van die Hollandse Vereniging.

As verdere bewys dat die Genootskap Nederlands in Suid-Afrika bevorder het, is, dat hulle tot 1909 nie minder as 93,650 Hollandse boeke teenoor 81,000 Afrikaanse boeke aan die Patriot-Drukkery laat druk het.

Soos reeds opgemerk is, het die Genootskap die bewering »dat ons die hele Nederlandse Woordeskat tot ons beskikking het« nie onvoorwaardelik aangeneem nie. Dit word betoog: dit maak die Hollandse woorderykdom nie armer nie, al sou ons die hele Woordeboek oorneem om ons taal daarmee te verryk.

Die Genootskap het volgehou dat ons Afrikaanse skeppings vir ons begrip verstaanbaarder is. Neem b.v. die Hollandse woord *hefboom* en vergelyk dit met die Afrikaanse woorde *ligterhout* en *stelarm*. Wat is vir die Afrikaanse begrip vatbaarder om die gewig met 'n *boom* op te *hef*, of om dit met 'n *hout* op te *lig*, of om 'n deel van 'n masien met 'n *ysterarm* reg te *stel?* By 'n geleentheid het 'n Hollander 'n windpomp reggemaak en hy beveel sy handlangers: »Om hoog!« en dan weer: »Naar benede!« Hulle kon hom tot sy ergernis nie verstaan nie; maar toe die Afrikaanse baas uitroep: »Tel op!« of »Laat sak!« toe begryp die handlangers gou genoeg wat om te doen. By 'n ander geleentheid berisp iemand 'n Hollander in 'n geselskap van dames oor die gebruik van seker uitroepe en woorde wat in sy taal gangbaar is en hy antwoord: »Ik vind se heel expressief — presies soals je voelt.« Wel, dis hierdie soort Hollandse ekspressiewe woorde en presies soos jy voel wat die Genootskap on-Afrikaans gevind het en was glad nie geneë om dit in ons taal oor te neem nie. En waarom moet ons ons *eie* gepaste woorde nes weeskinders behandel? het die lede geredeneer, terwyl ons voel dat hulle tog ons *eie* kinders is? Waaraan die Genootskap 'n afkeur gehad het, is, om Afrikaans met Hollandse woorde te vermeng en het dit genoem: »Hollands in Afrikaanse woorde«.

---

§ 13 — DIE GENOOTSKAP IS NOOIT ONTBIND NIE.

Hoeveel dink daaraan dat die Genootskap van Regte Afrikaners nog bestaan? Dit was feitlik nooit ontbind nie. Al vergader die lede nie meer nie, tog kom daar nou en dan 'n stem uit hul nog lewende lede. Twee van die oorspronklike lede, wat die Genootskap op 14 Augustus 1875 gestig het, leef nog nl. ds. August Arbeck (Somerset Wes) en D. P. Malherbe (Daljosaphat, Pêrel), en so ver bekend leef daar ook nog twee van die gewone lede, P. Cillie (Wellington), G. R. von Wielligh (Hendrina).

Ná die *Patriot* in 1904 opgehou het om te verskyn, het die lede baie neerslagtig gevoel oor hul lieflingsblad en baie min is van hulle gehoor. Met die politiek wat die ondergang van die *Patriot* bewerkstellig het, kon president Reitz, Oom Lokomotief, Hoogenhout, ek en die oorgroot meerderheid van die lede en intekenare hul nie verenig nie. Die eens bestaande geesdrif waarmee lid en intekenaar besiel was, het plek gemaak vir neerslagtigheid en wanhoop.

Hoe nou, om wat verlore skyn, herstel te kry? Ds. du Toit was deur sy veranderde politiek die oorsaak gewees dat die blad tot val gebring is. Die lede begin toe te beraadslaag om nuwe en jong bloed in die Genootskap op te neem. Maar toe duik etlike moeilikhede op: —

a) Met ds. du Toit wou hulle toe nie meer meewerk nie; maar sonder sy leiding (wat miskien sy opposiesie mog veroorsaak) sou dit heel waarskynlik baie moeilik gaan om weer met die taalsaak koers te kry. Die

moed waarmee hulle eers so deurdronge was, het in mismoedigheid oorgeslaan — en sy hulp was so nodig.

b) Dit sou hul werkkragte nie soseer verlam het nie; maar toe die jong bloed, wat die ou lede so begerig was om in hul geledere op te neem, hul so sterk teen die Genootskap uitlaat en alles voor die voet veroordeel, wat tot sover tot stand gebring is, so was van hierdie jongspan geen hulp te wagte nie, want reeds het hulle die taalsaak self aangepak.

c) Die firma D. J. du Toit en Ko. het ds. du Toit bly steun en het hom as redakteur van *Ons Klyntji* permanent aangestel. Hy het dus in besit gebly van die ou setel van die Genootskap waarvoor soveel onder die bitterste teenstand, onder geldelike swaarkry en nog meer, opgeoffer is. Om dit alles weer oor te leef is 'n bietjie bo die alledaagse menslike natuur.

So het die teleurgestelde lede en skrywers doodstil bly sit met 'n gevoel van: Laat kom wat wil. Ds. du Toit bly volhard en spartel nou òp teen die stroom van teenhede. Niks wou hom — sonder sy twee troue medestanders Hoogenhout en Oom Loko — geluk nie.

Middelerwyl begin die jonger geslag, ongeveer gelyktydig in Kaapland, Transvaal, Vrystaat en Natal om taalvereniginge te stig sonder enige notiesie te neem van die ou Genootskap wat Afrikaans so ver opgewerk het. Hierdie onagsaamheid was 'n klap in die gesig van die lede van die ou garde; maar wat fyngevoel oorskrei het, was om die voortbringsels van die Genootskap as minderwaardig en van lae gehalte te verklaar — hulle is nou die voorvegters en die Genootskap niemand nie! Jammer maar dat sulke forse stemme as die van prof. J. J. Smith, dr. T. H.

le Roux, dr. D. J. Malherbe en dr. W. M. R. Malherbe nie eerder daardie stof-opskoppery kon keer nie.

Prof. J. J. Smith het êrens verklaar:

»en dit behoef ons geensins te berowe van die hulp en die raad van die geharde stryers (die Genootskap) wat dou-voor-dag op was om vir ons te werk en aan wie dit te danke is dat die bestaan van 'n Afrikaanse Taalbeweging vandag *moontlik* is."

Dieselfde gesegde het hy verskeie male met groot erkentlikheid herhaal. Verder het dr. T. H. le Roux, dr. D. J. Malherbe en prof. J. J. Smith in die S. A. Akademiese Woordelys hul paslike Voorrede geopen met die woorde: —

»Na aanleiding van die vorderinge wat Afrikaans in die laaste jare gemaak het, het een uit die taalgarde hom onlangs op die volgende wyse uitgedruk: dis tog maar waar, die een sal saai en die ander sal maai. So is dit. Hierdie woordelys en hierdie spelreëls is die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners* opgerig in die Pêrel op 14 Augustus 1875.«

Dr. W. M. R. Malherbe, redakteur van *Die Brandwag,* het aan my in 'n brief geskrywe:

»Dit is tog wonderlik waarheen so 'n klein begin moes gelei het; want sonder daardie begin, wie weet, waar ons vandag moes *gesukkel* het.«

So was daar nog meer uit die jonger geslag wat hul die moeite getroos het om die doel, strewe en mikpunt van die Genootskap te bestudeer, dit te oordink en gevolglik met waardering daaroor kon skrywe. Maar daar was ook dié wat hul geleerdheid wou lug deur foutsoekery en slegmaak; daarom het hulle in hul groot ywer hul die tyd nie gegun om verdienste raak te sien nie en het net op foute gejag.

Die naam van Gustav G. Preller wens die Genootskap ook in vrindelike herinnering te hou. In die tyd van slegmaak het hy hom waarderend oor die ou garde uitgelaat en hom nie te geleerd geag om vir informasie aan te klop nie.

Al het die jonger geslag getrag hul eie koers in te slaan en die gevoelens van die nog lewende lede te kwes, tog het hul optrede soveel belangstelling in die ou pioniers opgewek dat die ou beproefde stryers die geesdriftige jong geleerdes nooit uit die oog verloor het nie. Een van die ou lede het hom eendag aldus uitgelaat:

»Met toenemende jare word ondervinding gebore en dan eers sal hulle op die regte koers kom. Laat hulle hul nou maar uitspook — dit toon dat daar vuur in hulle brand.«

Om die samewerking van die jonger geslag te verkry, het ds. du Toit hulle uitgenooi in die volgende woorde (Sien Ons Taal, 15 Mei 1907). Die blad praat as kind: —

> »Ek fra twé dinge feral: ferskoning fer foute en tekortkominge. Ek is mar 'n kind, wees geduldig met my. Alle nuttige bydrage sal hartelik welkom wees. So jonk en klyn as ek is, wil ek

my graag beskikbaar stel om di land deur te gaan en an andere te gaan fertel, wat an my toefertrou word.

Wat my spelling betref daaro'er wil ek net 'n paar woordjies praat. Fereers: ek is 'n kind en moet mar kyk hoe ander maak.

Nou daar is twé bewegings op di gebiid fan di Afrikaanse taal. Di ou Afrikaanse beweging is reeds ongefeer 32 jaar an di gang en hulle het mettertyd tot 'n koers fan spelling geraak, en dit min of meer fas gestel, en ferder ferklaar en ferdedig in di boeki getiteld *Fergelykende Taalkunde, Afrikaans—Engels.*

Di nuwe Afrikaanse beweging het tot hiirtoe nog ni offisieel o'ereengekom tot 'n faste spelling ni; di foorstanders daarfan skrywe elkeen naar hy meen dat goed is. Daarom het ek besluit om fer my nou mar te hou an di re'els fan di ou beweging *in di hoop dat spoedig* al di partye op di gebiid sal o'ereenstem tot 'n faste koers, sodat ons *almal* eender skrywe.

Natuurlik, ek wil duidelik ferstaan wees, *frinde wat fan my wil gebruik maak, is folkome frygelaat om te skrywe na hulle ferkising* en ek sal elkeen frylaat om syn *eie spelling te volg.* Op hiirdi maniir kom daar gedagte-wisseling en is daar kans om te siin welke spelling op di end di beste sal beantwoord.«

Van hierdie uitnodiging het prof. Brümmer, Totius, J. H. H. de Waal en ander 'n paar maal gebruik gemaak om bydraes te stuur.

Wat sonderling afgesteek het by die beskeidenheid

van die lede van die ou Genootskap (wat maar min daarvan gehou het om voor hulle te laat basuin), was die opgewondenheid waarmee die nuwe stryers mekaar in hul geskrifte geprys het; en dit was: o, die groot skrywers! o, die verhewe digters! en o, die grondige studie! Dit het die ou Genootskap 30 jaar (1875—1905) geneem om 'n jong geslag vir die taalstryd voor te berei, dus 10 jaar minder as Jozua om sy jongeslag vir die krygsdiens in die woestyn te oefen voordat hy die sterk vestings van sy vyande kon aanval. In opgewondenheid het ink gevloei aan die kant van die nuwe stryers om Afrikaans op te werk so ver as dit vandag gevorder het. En ons is vandag oortuig dat daar baie is wat uitroep: »Here, vergeef die sonde van my jeug.« Met uitsondering van 'n paar (wat nie omtrent tyd en toestande kon oordeel nie) het die nog lewende lede van die ou Genootskap geen rede om ontevrede te wees nie — die mate van erkenning, wat hulle toekom, word hul nou nie meer misgun nie.

In die begin van die Twede Taalbeweging het die ou garde stil bly sit, omdat hulle gevoel het dat hulle by die jonger geslag onwelkom was; ook omdat die slegmakery van hul werk deur die geesdriftige nuwe stryers hul baie, baie seer gemaak het, want dit was eie honde, wat byt en nie meer vyande nie. So het die ou voorvegters hul penne (wat totdan ons Moedertaal uit die slyk opgehef het) saggies in hul skryflaaitjies toegesluit en met hande oormekaar gaan sit om 'n wel verdiende rus te gaan geniet.

Totaal onverskillig was hul nie — dit sou immers teen hul natuur ingedruis het — want waar hul dienste nodig was, was hulle nes 'n kawallerie-perd, as hy

die beuel hoor blaas, al wei hy alleen, dan ruk hy sy kop en ore op en draf voorwaarts om as 't ware in gelid te staan, daar steek hy vas, want hy ken die ruik van die kruitdamp.

Hier het ons dus die redes waarom die ou Genootskap van Regte Afrikaners nie weer, en nooit weer sal vergader nie. Hulle is nie slegter geword om hulle verguis is nie, en ook is hul nie beter geword omdat hul geprys geword is nie. Maar dit het hulle geleer: —

' In die hand van liefde is vergewing; in die hand van medewerking sit krag; en in die hand van broederskap sit eensgesindheid en vrindskap — almal wat die wêreld vir ons so mooi en bekoorlik maak.

---

§ 14 — DIE FONETIESE SPELLING.

Ds. S. J. du Toit, as president van die Genootskap, het 'n betowerende invloed op die lede en die skrywers uitgeoefen; sy ideaal was altyd 'n streng fonetiese spelling vir Aftikaans. Maar sy plan was om dit in te voer eers wanneer daar duisende lesers was, wat Afrikaans goed en vloeiend kan lees. Intussen het hy die intekenare van die *Patriot* en *Ons Klyntji* daarvoor voorberei, en toe hy dit invoer het dit die goedkeuring van sy broer, Oom Lokomotief, en C. P. Hoogenhout nie weggedra nie — hulle wou hul hou aan die spelling, wat hom met die tyd self ontwikkel het uit geskrifte van die intekenare onder die leiding van die redaksie. Dog ds. du Toit het sy plan deurgedryf teen die sin van die meeste ondersteuners

van Afrikaans as skryftaal. Later ná Oom Lokomotief en Hoogenhout die redaksie verlaat het, word die streng fonetiese spelling deurgaans gehandhaaf deur ds. du Toit wat nou die redakteur van die *Patriot* en *Ons Klyntji* geword het. Dus moes die lesers en skrywers die nuwe vorm aanneem of, hul geheel onttrek. Gou egter het hulle hul aan die gedwonge skryfvorm aangepas dog teen hul sin. Van toe af was die Afrikaanse boeke daarin gedruk en ook al die Afrikaanse skoolboekies. Dit alles het die belangstelling in ons taal nie verslap nie — die bewys hiervoor is, dat geeneen van die intekenare, terwille van die spelling, vir die blad en tydskrif bedank het nie; ook het die verkoop van die *Afrikaanse Almanak* of mevrou Dykman haar *Kookboek* in geheel nie verminder nie — een herdruk volg spoedig die ander. Die Kookboek was in 1890 uitgegee en het in 1912 reeds 15 herdrukke beleef.

Wat eintlik die fonetiese spelling van ds. du Toit so onpopulêr gemaak het, was, die kerktaal was nog Nederlands gebly, ook was sekere dokumente daarin opgetrek, verder was die offisiële taal van die twee Republieke Nederlands — alles wat die aanleer van Nederlands min of meer vir die Hollandssprekende deel van die volk verpligtend gemaak het. Hierby kom dat Engels ook op die skole die medium van onderwys was, en gevolglik het die streng Afrikaans-fonetiese spelling as 'n derde spelling 'n nuwe las vir die leerling geword in plaas dat dit sy moeilikhede verlig het. Dan, die groot sondebok was die vorm van die letter *f* wat die *v* vervang het — die twee letters stel wel dieselfde klank voor, maar verskil in gedaante soveel van mekaar dat dit die oog

onder die lees altyd hinder. Was dit miskien andersom, nl. dat die *v* die *f* vervang het, soos bv. *kav* (vir kaf), of *geloov* (vir geloof), dan sou dit waarskynlik al die stoornis nie so erg veroorsaak het nie. Hoe dit ook al sy, die fonetiese spelling was onder die publiek baie onpopulêr. Dit het ds. du Toit self eindelik ingesien en hy en sy volgelinge het later tot die ou skryfvorm teensinnig terugkeer, soos ons in die volgende artiekel verder sal opmerk.

Om 'n tiepiese voorbeeld te gee watter toppunt die fonetiese spelling en letterkunde van die Eerste Taalbeweging bereik het, gee ons die volgende uit *Ons Klyntji* van Oktober 1906, getieteld »SJAKAS WRAAK 'N MISLUKKING« deur Jacobus Tredqux Odendaal:

> »Siin jy daardie twé mysiis?« Fra Sjaka an syn groot indoena — raadsman — by di dans ter ferering fan Sjaka syn swart osse. Di indoena had syn foortreflikhyd fereerd met di titel fan Mlomo Ka Sjaka — mond fan Sjaka — en wat net so wreed was as syn koning. »Morre sal jy hulle na my bring, sulke is waardig fan Sjaka. Kyk: is een beter in befallighyd en houding? Né! Ha! Ha! By di gode: hulle sal di allerferhewenste fan my frouens wees?«
>
> Ditmaal was Sjaka reg, en weldadig betrekkelik hulle foorkom: twé foortreffliker Soeloedames dan Amansi en Kitegile sou moeilik gewees het om te kry tussen di duisende wat nou dans. Syn twé heldinne staan 'n paar tré foor hom. Altwé ontmoet syn aanblik wat, ofskoon in syn te'enwoordige humeur, te duidelik syn wraakgirige gees in hom ferlig. Hulle oge fal met 'n gewaar-

wording fan ingeboesemde frees by voorbaat op di toekoms.

Die follende morre, toen di frindelike strale fan di son uitskyn, staan Amansi en Kitegile op, en terwyl hulle dit doen, seg di een fer di ander dat dit 'n mooi dag is. Helaas fer hulle sou dit gou so donker wees as 'n sterloos nag!

Frolik was hul besig o'er di dans fan gister te redeneer en foorberydsels fer di eerste maal te maak, toen hulle plotseling fan kop na voete staan te sidder o'er di ferskyning fan Mlomo Ka Sjaka wat hulle di woord van sy koning kom sê, tegelyker tyd op sy kni'e kruip ter ferering fan di toekomstig hoogste, ferhewenste frouens fan Sjaka. Mar tot syn grootste ferwondering en ferbittering staan hul streng o'erend en ferkiis om liwers te sterwe, dan om di frouens te worde fan 'n koning wat hulle haat; en naderhand mar tog fermoor word; want Sjaka het al sy frouens, wat moeder sou worde, laat dood maak.

»Ek jou mond, grootste fan alle konings, het Amansi en Kitegile georder, maar hulle het gewy'er en di grond ni gesoen wat jy, di grootste fan algar o'erwin het en op trap; en ek het gou gekom om hulle gedrag te kenne te gé. Ha! Ha! — onwaardige frouens fer jou!«

Hiirop spring Sjaka op in syn woeste drif fan wraak, dans en skré nes 'n malman. Hy skeur di deurskynende geflegte gras weg wat foor syn bose gesig hang, om te ferhinder dat imand di foortreflike gesig moet siin as net by spesiale gevalle.

»Ferfloek is hulle en hulle geeste!« skré hy.

»Uitgesonder di sole fan hulle foete sal hulle lewendig afgeslag worde; en net so sal met hulle geeste gedaan worde. Seg aan my grootste toferkundige: wanneer hulle afgeslag en dood is, om hulle geeste by aankoms te fang, en net so an di te doen, dat ook hulle dood is; — dood so lank as di berge sal bestaan!«

Hy swyg toen en staam ademloos, regop as 'n pilaar, asof fersteen fan woede, sy wyd ope wrede oge kyk uit syn kop, as fan di satan uit di bodemlose diipte. Uitgeput met ferbolgenhyd, blyk syn kragte hom te begewe, en plotseling gaat hy sit, en gebiid sy raadsman om di geflegte gras foor syn gesig weer in orde te maak, waarna, met 'n soen op di grond foor syn koning syn foete, Mlomo Ka Sjaka sy afskeid neem. (Om die vonnis van Sjaka beter te kan verstaan vervolg die skrywer dat slange die geeste van afgestorwene is; dus moes die eerste die beste slang wat aangeseil kom ook lewendig afgeslag word. — G. R. v. W.)

Die verhaal word in di Desember nommer voortgesit: —

»Moet ons afgeslag word?« fra Amansi an haar vrindin as of in 'n onsin ferrassing.« Hau! — ek is ni bang ni fer di dood, as was oek myn fader ni; Anamanhla — het krag — mar, om afgeslag te word! — myn liggaam word koud bô mate by di gedagte daarfan. Ma je baba! Ma je baba!« — o, my fader! — By di woorde snel dit in haar geheuge hoe ook haar fader ter dood gebreng was deur Sjaka, mar hoe dapper hy sig verdedig het totdat di doodsteek hom

ne'ergefel had. Fasbesluit gryp sy haar skildfel en assegaai op, en folg haar dapper faders foorbeeld, om fegtende te sterwe; en haar frindin deed diselfde.

Mhlisi Wembubesi — hart fan di leeu — kom frolik an te marseer as o'erwinnaar fan di oorlog met di leeu wat een fan Sjakas geliifkoosde osse di forige nag gefang het. Hy was daarheen georder deur di koning om di naam wat hy besit, en dapper gewin had, toen nog mar 'n seun, in 'n gefeg met Sjakas bitterste vyand. Dit was di woorde fan Sjakas uitbarsting fan woede toen hy di nuws fan di leeu syn brutale indring hoor:

»Whlisi Wembubesi, de dapperste fan alle manne, dit is di woord fan Sjaka: Hy met twintig fan di dapperste fan syn resiment, sal ni eet, nog drink ni, foordat myn os gewreek is ni; en wi ook al di leeu sal dood maak, an hom sal di twé frouens fan syn begeerte gegé word!«

Di leeu was inderdaad gedood, en deur di sterk arm fan Mhlisi Wembubesi self. Ni 'n myl afstand ni, in 'n fly fan dik lang gras, was di leeu gekry wat heel bedaard die wag hou o'er sy roof. Di dapper jong generaal, ferlangend om syn vyand te ontmoet, marseer frolik an di hoof fan syn uitgelesene fegsmanne, algar goed gewapend en in folle uniform fan tiirfille en ossterte om di arms en bene, toen, geheel onferwags di monster in gesig moes kyk, met mar 'n paar tré wat hom en syn fyand ferwyder. Di uur het gekom, nou, of nooit sou di mysi kon gewin word ni wat hy fan kindshyd af liif had. Met syn manhaftige blik gefestig op di leeu syn

wrede oge, kom di gesig fan Amansi hom as 'n bliksemlig duidelik foor di gees, ferligtende, as het ware, syn gehele siil. Hoe edel ferskyn sy in haar drag fan gister; hoe goed dans sy. Weer sag hy haar as toen hulle di laaste afskyd neem, en met welke trots sy naar hom gekyk het, met fol fertrouwe op di bekwaamhyd fan haar beminde syn sterk arm. Di sekonde tik: op gaan syn skild en di assegai, as 'n pyl uit di boog, skiit foorwaarts fan di goed geoefende arm en land thuis! Dit was as of di aarde béwe fan di ferskriklike brul fan di diir toen hy deur di lug fliig naar syn bestryder, wat, diselfde by forige onderfonde had, keer di slag af fan di leeu syn poot met di groot skildfel en land 'n geweldige slag met 'n oorlogsbyl. Di leeu fal ne'er — dood; en Mhlisi Wembubesi spring o'er syn slagoffer — nog di algemene gewoonte by di Soeloe as oorwinnaar — toen hy omkyk naar syn manne, en 'n trotse glimlag syn gesig fersiir.

Di held kom spoedig om di nuws fan syn o'erwinning an Sjaka te bring, en syn beloning te ontfang, toen helaas — wat sou hy siin dan dat Amansi en haar frindin in 'n hewige gefeg ferkeer met enige fegsmanne; met Mloma Ka Sjaka an di hoof! Ofskoon hy seker was dat dit meen di uitfoering fan di koning syn fonnis tog wonder hy waarom hulle ni dadelik doodgesteek werd ni. O! by di gode, dit fal hom binne dat hulle ongetwyfeld lewendig afgeslag moes worde! Syn hart was in 'n geweldige onsteltenis fan louter vreugde toen hy naby was, met di gedagte dat Amansi binnekort syne sou

wees, en di plotseling teleurstelling was meer dan hy kon ferduur: Natuurlik toegene'endhyd o'erwin en di frees fer Sjaka ferdwyn. Hy dag o'er befryding en wraak, mar ni o'er dood ni, en met een spring foorwaarts was hy tussen hulle, toen altwé mysiis, geheel uitgeput, an syn foete fal. Hy roep luid met 'n gedetermineerde klank in syn stem, en seg:

»Ek, Mhlisi Wembubesi, het gekom, en by die gode, sal julle ferlos, of sterwe!«

»Hou! — hoe kan jy.« Seg Amansi. »Moet Sjaka ni gehoorsaam wees nie?«

»Bly stil!« antwoord hy kortaf, en met 'n wrede gelaat kyk hy woedend na Mlomo Ka Sjaka en gebiid:

»Gaat en seg an di grootste fan alle konings, di os is gewreek, di leeu is dood, gefel deur di hand fan Mhlisi Wembubesi wat Amansi en Kitegile altwé smeek te hê fer syn beloning!«

Gou was Mlomo Ka Sjaka trug met die boodskap dat hulle fonnis ook op Mhlisi Wembubesi fal, min bewus dat syn ynde so naby was. Skaars was di laaste woorde fan syn lippe toen Mhlisi Wembubesi, so snel as 'n falk na hom toe spring en hom 'n dodelike slag met syn oorlogsbyl toebring, toen Mhlisi Wembubesi in 'n posisi gereed om te feg, kalm en beslis syn heldhaftige orders an di heldinne geef, as hy sou gedaan het an di hoof fan 'n groot resiment in 'n bloedige slagfeld:

»Wees moedig, en feg dapper tot di ynde toe!«

Hul gehoorsaam, en 'n hewige gefeg fond plaas, wat yndelik met di dood fan dri an di

ander kant, ingesluitende Mlomo Ka Sjaka. Mhlisi Wembubesi had 'n ligte flyswond, en di heldinne was ongeskond. Di o'erige fyf fegmanne, bekend met di bekwaamhyd fan Mhlisi Wembubesi, had nou wat trug getrap en wag op di fersterkings wat met hewig geskré fan alle kante toestroom; en toen hy dit siin kommandeer Mhlisi Wembubesi andermaal:

»Folg my!« seg hy en draf stadig fort. Ni foordat hy weg was begin di agterfolging, en in folle spoed. Onge'ergerd hou di dri mar hulle gang, en was dan ook gou opgefang deur fiir fan di flugste nafolgers, mar tefore had Mhlisi Wembubesi syn orders gegé dat hulle di skildfelle tussen di skouers moes hou om 'n mo'enlike goi af te keer, en dat hulle mar ongeërgerd moes fortdraf, en as hulle na genoeg is, dan sou Mhlisi Wembubesi di teken gé deur 'n fooruit spring te maak, en onmiddelik moes hulle omspring en probeer raak steek. Di assegai lemme fan hulle furige ferfolgers was reeds in di hoogte en glinster in di strale fan di nou rooi ondergaande son. Geheel onbedag op 'n molike te'enstand in hulle brandende dors fer bloed, dag hulle net aan di begrawing fan hulle assegaie in di liggame fan Sjakas moedige fyande, met skildfelle in linkerhand onferskillig an hulle sy. Twé maak fer Mhisi Wembubesi en twé fer die heldinne, mar was onferwags o'erfal, en dri fal dood ne'er. Di een bewus fan syn posisi soebat om genade fan Mhlisi Wembubesi met syn rug naar Kitegile, en sy, sonder fersuim, dryf haar brede assegaai in tussen syn skou'ers; ook hy

was 'n saak fan di ferledene. Di nou grote kommande, uit oorsaak fan 'n te finnige wegspring begin stadig trug te fal. Ferder en ferder win di flugtelinge distansi totdat hulle uit die gesig ferdwyn. Dit was nou donker, en ofskoon 'n ferder poging angewend was, tog was dit te fergeefs.

'n Week later arrifeer Mhlisi Wembubesi met syn twé frouens by Taba Boesego in Masoetoeland, alwaar hy hartelik ferwelkom was deur di Masoetoeopperhoof Moshswesh. Kortoe hiirna het baing Mhlisi Wembubesi syn foorbeeld gefolg, en was net so ferwelkom deur di barmhartige en slimme Moshswesh.

Omtrent tiin maande later was Sjaka fermoor deur syn broer Dingaan — en beloond fer syn wreedhyd.

Bostaande verhaal gee meteens 'n tiepiese voorbeeld van die soort lektuur waarna die Genootskap verlang het om voor die lesers te plaas. Natuurlik het elke skrywer sy eie styl ontwikkel, so vind ons stukke van slegter gehalte, en dan weer van beter. Maar in ieder geval het die skrywer nie soseer na kuns gestreef nie, maar steeds die spreektaal as die hoogste doel beskou. So het Odendaal hier ook nie sy verhaal sodanig op sielkundige ontroerings geskoei nie — terwyl hier baie goeie geleentheid voor was — maar het dit vertel in 'n verhaaltrant soos ons aldag uit die mond van 'n goeie spreker hoor.

§ 15 — DIE TYDPERK VAN »ONS TAAL«.

Hierdie kort periode, toe die tydskrif *Ons Taal* in die plek van *Ons Klyntji* getree het, behoort nog aan die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, maar kan nie as 'n uitgawe van die ou Genootskap beskou word nie. Hieraan het Oom Lokomotief, Hoogenhout en — op 'n paar na — die ou skrywers nie deelgeneem nie. Nuwes het in die veld getree onder wie Totius, dr. Brumer en ander jonger skrywers wat feitlik aan die Twede Afrikaanse Taalbeweging behoort het.

Ds. du Toit het ingesien dat die meeste van sy ou volgelinge hom verlaat het terwille van die politieke rigting wat hy toe ingeneem het, so het hy hom tot die jonger geslag gewend om hom in die Afrikaanse taalbeweging te steun, want om Afrikaans tot skryftaal te verhef was sy groot ideaal, wat hom dierbaar tot aan sy dood gebly het. As redakteur van *Ons Taal* het hy al ingesien dat die streng fonetiese spelling, wat hy so met mag en krag verdedig het, baie onpopulêr onder die lesers was — vernaamlik onder die studerende jonger geslag en ook dat dit baie gewilliges vir medewerking afgestoot het. Daarop rig hy — soos ons reeds meegedeel het — 'n versoek aan almal om mee te werk om Afrikaans tot sy regte te laat kom, en voeg daarby: »Skryf en spelle soos julle wil,« wat gelyk staan met »Ons skryf soos ons praat.«

Dit voer toe weer die spelling en skryfvorm terug na waar dit begin het. Om uit te vind waar die lesers en skrywers eintlik na verlang, word die blou potlood

van die redaksie baie minder aktief, wat natuurlik tot gevolg gehad het, dat destyds 'n verwarring in die Afrikaanse skryfvorm teweeggebring is, soos ons letterkundige geskiedenis vantevore en daarna nie geken het nie. Selfs die redaksie kon hul nie somar uit die staanspoor van die fonetiese spelling losmaak nie — baie maal word die *ei* deur *y* en die *ie* deur *i* vervang soos blyk uit die volgende (sien *Ons Taal*, Mei 1909, bls. 28): —

PAPINIANUS.

Karakalla was die ouere seun van 'n regte goedige *Kyser* wat 'n jongere seun had met die naam van Septimus, wat altyd ver syn vader baing tot hulp gewees is in syn gewigtig en verantwoordelik bestuur, want hy was 'n skrander en gehoorsaam jongeling, en het dus heelwat meer afgeweet van 'n billik bestuur oer die volk as syn ouere broer, wat maar 'n losbol was en daarby van 'n vervolgsug en wrede geaard*hyd*. Die ou vader het in syn testament ver Septimus as Regent benoem, wat hier soveul beteken as Hoofbestuurder van die *Kyserryk* tot hulp van syn broer; want as die ou man wettig kom te sterwe dan kom Karakalla, as Kroonprins, op die troon. En so is dit ook gebeurd. Want nie te lank daarna nie is die ou vader o'erlede en is Karakalla vollens wet as *Kyser* uitgeroep o'er die volk, iets wat hom dan ook goed gesmaak het om syn haas ontembare ruw*hyd* maklik uit te voer.

Dit het nie te lank geduur nie of die nuwe

Kyser het dit agter gekom dat die onderdane ver syn broer meer toegenege is as ver hom; dit het hom gaarnie aangestaan nie. Hy werd jaloers en wel so erg dat hy enige booswigte omgekoop het om syn broer uit die weg te ruim. Onverwags storm hulle in syn kantoor op Septimus aan wat die gevaar gewaar word en na syn moeder toe vlug wat hom in haar arms ontvang en ver beskerming omhels, dog hy werd in 'n oogwenk in haar arms met dolke deurboor en vermoor, sodat haar klere met bloed werd o'er-stroomd, waarna die moordenaars sig uit die voete gemaak het.

Die moord het 'n grote opspraak verwek en het 'n streng en noukeurige ondersoek vereïs, waarna dit het begin uit te lek dat daar 'n sterk vermoede bestaan teen die *Kyser* as die hoof-bewerker van die moord, en alles blyk daarop uit te loop dat die *Kyser* sig voor die Hoge Regbank sal moet verantwoorde.

Dat so 'n saak, waar die *Kyser* syn hand *mé* in had voor die Regbank moet kom, geef geen alte gunstige indruk op die volk nie, dit voel hy self, dog hy kan die beste advocaat in syn ryk uitkies om die saak te bepleit wyl hy self nie nodig het om dit te doen nie. Daartoe kies hy syn hof-advocaat, Papinianus, wat dan ook die vernaamste, eerlikste en regverdigste was. Inplaas van soetsappig te wees jegens die *Kyser*, het hy hom dugtig o'er die kole gehaal as die bewerker van die moord en beskuldig die *Kyser* as die eigenlike bloeddorstige moordenaar van syn onskuldige broer en weiger beslis om die

saak te bepleit. Dit was 'n grote skande vir die *Kyser* wat vreeslik boos werd en in woede *ver* (vir?) Papinianus dadelik laat oppak en laat ombreng onder beskuldiging als die mees gevaarlike wat tot skade en nadeel is in syn ganse *Kyser*ryk. Dit was by die aanvang van syn regeering: — 'n Onskuldige dubbel moord. — Of die *Kyser* 'n vreedsaam einde had is te betwyfel. — Lees hier*mé* in verband 1 Kon. 2 : 1, 5, 6 en 28 tot 34.

Tot so ver die verhaal.

Dit is die spelling en skryfvorm wat die Genootskap gebruik het voor die streng fonetiese spelling deur ds. du Toit ingevoer is. En dit is die spelling en skryfvorm wat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging aan die Twede oorhandig het [die letter *v,* en ook *ei, ie* en *ee* word gebruik soos nou die geval is].

Maar ons het verneem dat die spelling gedurende die kort tydperk van *Ons Taal* 'n ongekende verwarring was, dit word opgehelder deur onderstaande voorbeelde: —

Die redaksie het in een paragraaf soms *ij* en y gebruik soos te lees is in *Ons Taal,* Maart, bls. 10: —

As 'n Uil *klijntjies* het, breng *sy* gemiddeld 40 muise op 'n dag naar haar nes, ens.

Een perd kan op 'n kanaal 'n skuit trek met 'n vrag van 25 ton teen 2½ *mijl* in 'n uur, ens.

.... Wat daar veral syn opmerksaamheid getref het was dat daar 'n hele party hakies doorn bome leg wat opgespoel is uit die see .... Dus moet dit van ver af aan*gedrijwe* wees.

Maar nou ontstaan die vraag of die verskille nie maar die nukke is van die drukkerduiwels nie. Ek is geneig om dit aan hulle toe te skrywe en aan die agtelosigheid van die proeflesers wat nie genoeg hul plig uitgeoefen het nie. Nooit het ek *ij* vir *y* geskryf nie, en tog begin 'n sekere bydrae van my aldus (sien *Ons Taal* Mei 1909 bls. 8): —

»Die mense was *altijd* gewoon om eers vir Hans Wunder somar Hans te noem .... *Hij* was so wild vir Mapaan, die Kaf*fir*-wonderdokter, as 'n bok vir 'n skot hael« ....

Verder in die stuk word die *y* inplaas van die *ij* gehandhaaf.

Hier volg nou 'n stuk deur die redaksie geskryf; aan die styl en spelling is dit duidelik dat dit nie uit die pen van ds. du Toit, die hoof-redakteur van die tydskrif, gevloei het nie. (Sien *Ons Taal* Julie 1909 bls. 23): —

AFRIKAANSE VERHALE

UIT OUE BERIGTE

Die lesers wat die vollende mededeling nog nie gehoor het nie, hoop *ik* sal dit nie onaardig vinde nie. Wel, julle moet weet dat enige huisgesinne, van vroegere inwoners in die geweste van Newveld tesame 'n geselskap opgemaak het, om tot verandering van weiveld, met hulle vee meer noordwestelik te trek tot waar dit die Vlak of vlakte genoem word. Daar gekom en in die ope uitgestrekte vlakte, het hulle wel by elkander, maar sodanig *gekampeer* (tente opgeslaan?) dat

die kleinvee van die eienare veral snags onder opsig van die wagters nie deurmakaar raak nie, ieder klomp had syn legplek, naby die *wa'e* en tent tot nagverblyf. Oral in die omtrek was kuile water, sodat daaraan *gin* gebrek was nie, en die veld was baing mooi. Dog die eerste aand en nag die beste, het die jakhalse sig flink laat hoor, dog daar werd nie veel *notisi* van geneem nie, want die eindelose antwoorde van die honde op die vervelende *muziek* het die jakhalse genoop om op 'n mees veilige afstand te bly.

'n Paar dage later werd 'n wolfbesoek in die nag waargeneem. Die vollende morre werd bespeurd dat hy uit *di* geweste gekom het waar enige bergtoppe op 'n seer verre afstand gesien word. By die *kamp* (staanplek?) was net 'n oop gespalkte droge beesvel; aanstons werd in die midde daarvan 'n gat gesny iets kleiner als die kop van 'n gewone wolf; die vel werd in die rigting van die gebergtes op 'n voegsame afstand van die *kamp* (staanplek?) af gebreng; daar werd op 'n mooi gelyke plek die gras 'n *bitji* weggeskoffel, 'n gat in die grond gegrawe van omtrent anderhalf voet diep, 'n stuk vet *vlys* so effe in die vlam gebraai en in die gat gegoi; nou word die beervel daarop neergeleg met die 2 gate reg-o'er mekaar, rondom word die vel 'n *bitji* toegegooi met gras en grond; en toen gaan die mense terug naar die *kamp* toe, want dit was toen reeds aand geworde.

Dit was skaars middernag toen die honde geweldig begin te blaf in die rigting van die vel. Blykbaar het die wolf op die ruik aanstonds uit-

gevinde waar die braai*vlys* was, sy kop agter die neus aan so lank geboor het tot dat dit dwarsdeur die velgat glip, dog toen was dit klaar praat! —

Die vollende morre was al wat leef op die hol, die honde natuurlik voor. Op 'n hele afstand was dit reeds 'n vreemde gesig om die wolf sy kop soos 'n *stoppie* (stippel?) op die vel te sien met die ongewone halsdoek om syn nek; daar sit hy toen regop oor die vel heen die wêreld te bekyk. Aan boldermakisie, honderumoer, mense gelag ens. was daar nou *gen* gebrek nie. Dit het wel 'n paar ure geduur voor dat die vreemde konsternasie afgeloop was. Of die wolf syn kopstuk met 'n hele huid terug gekry het, is deur *nimand* meegedeel nie. Die slot was, dat hy nie weer terug gegaan het om te vertel hoe broekskeur hy dit gehad het nie.

Tot so ver die verhaal.

Uit die wisselvorms van woorde het dit baie maal gebeur dat die redaksie hul nie uitsluitend in dieselfde artiekel tot die gebruik van een vorm bepaal het nie. So vind ons op bladsy 23, *Ons Taal* van Juli 1906, deur dieselfde skrywer in een paragraaf: »*teun* 'n randji« en 'n 70 woorde verder: »vas *teen* die kakebeen,« en so meer.

Wat het dit alles veroorsaak dat die spelling en woordgebruik in die tydperk van *Ons Taal* so onvas was? Ds. S. J. du Toit die hoofredakteur, was besig op sy plaas Kleinbosch, Daljosaphat, Pêrel, sy boerdery het baie van sy tyd in beslag geneem, dat hy nie elke dag die kantoor van die blad gereeld

kon besoek nie en het die grootste deel van die werk aan die klerke op die kantoor oorgelaat. Verdere opheldering is dus nie nodig nie. Met *Ons Klyntji* was die geval heel anders: hy het naas die kantoor in dieselfde gebou in die Pêrel gewoon en kon dus gereeld op kantoor wees, of die klerke naas aan hom gereeld besoek.

Wat die spelling en woordgebruik van die korrespondente betref was hulle taamlik aan hulself oorgelaat — wat hulle nie verknoei het nie, het die lettersetters en proeflesers vir hulle gedoen — van redaksieweë was daar geen streng toesig nie.

Dit is juis in hierdie tyd dat die Twede Taalbeweging begin het; die Kaap, Vrystaat, Transvaal en Natal het 'n eie spelling gehad. En gevolglik bekragtig dit die woorde: Dat destyds 'n verwarring in die Afrikaanse skryfvorm teweeggebring is soos ons letterkundige geskiedenis vantevore en daarna nie geken het nie.

KULTURELE DEEL.

§ 16 — HOE KULTUURWERK AANGEPAK WAS.

DIE letterkundige en kulturele werk deur die Genootskap verrig, is so nou ineen gevleg dat dit moeilik val om 'n skeiding tussen die twee te trek. Gevolglik is die grootste gedeelte, wat onder hierdie hoof val, reeds in die voorafgaande behandel, ons kom dus op baie punte weer terug.

Die vernaamste taak, wat die Genootskap tot doel gestel het, was oortuigingswerk. Hulle moes die volk oortuig dat Hollands nie meer ons taal is nie, maar wel Afrikaans. Ons het reeds verneem dat dit op die platteland makliker gegaan het, as in die dorpe waar die Engelse skoolinvloed harde weerstand gebied het. Ná hierdie waarheid eenmaal aan die bevolking duidelik geword het, kon die Genootskap sy weg makliker deur onkunde baan en die voortou neem om die onbevoorregte weetgieriges te lei langs paaie, waarop hul aanskou en dinge hoor wat hul gedagtewêreld vantevore nie binne gestap het nie.

Aangespoor deur die *Patriot* en *Ons Klyntji* om ou gebeurtenisse aan die vergetelheid te ontruk, om die dade van helde te boekstaaf, om beskrywings van wonderlike plekke, diere en ander dinge te gee en so meer, so het die twee organe van die Genootskap nooit mank gegaan aan interessante lees-

stof nie — waarin net kultuurwerk en nie juis kuns gesoek moet word niet.

Wat die Hollandse koerante en tydskrifte van daardie dae minder aantreklik gemaak het as die wat nou in ons tyd verskyn, is die smaaklose inleidings, wat die leser met 'n ompad lei tot waar hy wil wees — net om 'n soort van geleerdheid te toon. Vir goeie korrespondente, as 'n reël, was toe nie gesorg nie. En dan het die korrespondente meer gesukkel met hul Hollandse taal as nodig, waardeur hul manier van voordrag al sy bekoorlikheid verloor het. Alles genoeg om 'n onwillige leser die lus, om te lees, te ontneem.

Die redaksie van die *Patriot* het die nadele hiervan ingesien en het meer 'n vertroulike geselsstyl aangekweek wat natuurlik in die smaak van sy lesers geval het. Die skrywers het onbewus die geselstrant oorgeneem, en dit op sigself was 'n uitmuntende oefenskool om die swak skrywers te leer om hul gedagtes behoorlik op papier uit te druk. En selfs die lees van die belangwekkende stukkies het die minder geskooldes onderrig om hul gedagtes in meer en pasliker woorde uit te druk — iets wat ook baie tel in die kultuurstryd,

Hollands het die plattelandse mense nie behoorlik geken nie, Engels nog minder; en is dit nie 'n groot kultuuroorwinning om die tonge van 'n doofstomme volk los te maak deur hulle 'n kans te verskaf om hul in Afrikaans uit te druk nie?

Die skole van daardie tyd moes alles verrig, maar die medium van onderwys in Goewermentsinrigtings was pure Engels, wat natuurlik gerig was teen die Afrikaanse kultuur. So was hierdie opvoedkundige

plekke eer 'n wapen om selfstandige gevoel en eie kultuur af te breek in plaas van om dit op te bou.

En dan die Hollandse koerante en geskrifte het maar steeds bly hamer op die bewering dat die volk goed Nederlands kan verstaan, waardeur hulle nooit die siel van die bevolking bereik het nie. Wel, was hul nuusdraers om die nuus van die dag te vertel, maar in die kultuurstryd het hul niks beteken en ook niks uitgevoer nie.

Waar moes dit heen geloop het as die Genootskap die wapens nie opgeneem het nie? Waar sou ons op die gebied van eie kultuur vandag gestaan het as daardie ou verroeste toestand so moes voortgeduur het?

Indirek het die Genootskap, sonder erkenning, baie bygedra om die Nederlandse taal in Suid-Afrika te laat opvlam. Die Kerk, wat die vaandeldraers van die Nederlandse taal was, was met die invoering van nuwighede te besig om aandag te skenk aan hul offisiële taal. Maar toe die Genootskap so hard geywer het om Afrikaans tot skryftaal te verhef, skrik hul eers wakker en beskou dit as 'n gevaar vir Nederlands — maar die Engelse preke saans in die Hollandse kerke was by hulle as geen gevaar vir Nederlands beskou nie. Die *Patriot* het die teologiese kweekskool en die Engelssprekende leraars oor die kole getrek en hul op die gevaar gewys. In plaas om dit in dank aan te neem, het die Kaapse Sinode — soos reeds vermeld — twee dae van hul kosbare tyd verkwis om die banvloek oor die Genootskap en sy voortbringsels uit te spreek. En dit was die Albertse Boerevereniging — ondersteuners van die *Patriot* — wat die eerste vir die regte van

Hollands in die Parlement opgekom het. Daarna laat die Kerk hom hoor, maar 22 predikante en ouderlinge het op die Sinode teen die voorstel gestem.

Weet ons *nou* — nee *lankal* — wie die eerste vir Hollands in die parlement aangeklop het? Die Genootskap het goed geweet dat daar maar baie min volksraadslede sal wees wat suiwer Nederlands kan spreek — die meeste sal tog maar Afrikaans gebruik. Dus met 'n ompad sal hulle tog eindelik hul doel bereik. Die Twede Taalbeweging was met Hollands in die parlement reeds gewapen en het op prysenswaardige wyse vasgetrap om Afrikaans deur ons hoogste wetgewing erken te kry as één van die twee offisiële landstale. En dit net 50 jare na die Genootskap van Regte Afrikaners gestig is.

Wat die houding van die Kerk deurgaans betref, het daar geleidelik verandering ingetree. Die jonger predikante was die eerste om in te sien dat dit dwaas sou wees om Afrikaans te wil dood smoor, want dit was immers die lewende spraak, wat op die lippe van die bevolking leef. Liewers om aanstoot aan hul ouer broer te gee, het hulle hul oor die onderwerp suinigies uitgelaat, later het hulle openlik voorstanders van Afrikaans geword en dit verdedig. Van toe af het die kultuurstryd in die boesem van die Kerk sy ontstaan ontleen. Die nuwe jong predikante, wat die diens binne tree, was op 'n paar na almal verdedigers van die moedertaal. Op die verskillende Sinodes word die onderwerp met 'n heel ander gesindheid bespreek en wel meestal in die Afrikaanse taal. En eindelik het die jonger leraars dit so ver gebring dat Afrikaans nie alleen deur die Kerk, as liggaam, erken word nie, maar ook word op die verskillende Sinodes

besluit om die Bybel in Afrikaans oor te sit, en tans word in baie Hollandse kerke net in Afrikaans gepreek. Die ou vyandige teenstand, op 'n weinig na, het verdwyn. Wanneer van die vyandige houding van die Kerk melding gemaak word, dan lê die skuld nie altyd by die predikant en kerkraad nie, maar baie maal net by die gemeente; want daar is etlike gevalle waar die leraar sterk vir Afrikaans voel, dog sy gemeentelede wil hom nie toelaat om in hul moedertaal te preek nie.

Wanneer ons die toestande, wat in 1870 geheers het, met dié van die teenswoordige meet en daarby onbekend is hoe dit vir 'n halwe eeu gelede toegegaan het, verval ons lig tot onjuiste gevolgtrekkings. In die oudae was daar maar baie, baie min binnelandse dorpies wat soiets as 'n biblioteek besit het. En mog hulle oor 'n versameling van boeke gespog het, dan was dit Engelse boeke — vir Hollandse geskrifte was daar baie min plek op die rakke en vir Afrikaans glad nie. Die oumense het maar sleg Engels geken, dus het hulle van die boekerytjies geen gebruik gemaak nie, die oorgrote meerderheid van die jonger geslag op die plattelandse dorpe het ewemin die Engelse taal geken; nou bly daar net 'n onbeduidende groepie oor wat van daardie boeke gebruik kon maak. Derhalwe was die biblioteke van daardie dae net om die Engelse kultuur te bevorder en het gevolglik geen die minste aansporing besit om Afrikaans te bevorder nie, nog minder om 'n Afrikaanse kultuur in die hand te werk. Die uitwerking hiervan het dan ook nie uitgebly nie. Daar het 'n stilstand ingetree, en die stilstand het tot agteruitgang gelei sonder dat Staat of Kerk hulle daaroor bekreun het.

Was dit dan nie tyd om in te gryp nie? En die Genootskap van Regte Afrikaners het ingegryp! En hulle het die verwaarloosde volk met leesstof voorsien — *geskrywe in die taal wat hulle op moeder se skoot geleer het en waarin hulle hul gedagtes daagliks verklank.* Dit het geluk soos ons reeds bekend is. Dit is op sigself 'n stukkie dankbare kultuurwerk; en sou die Genootskap niks meer tot stand gebring het nie, dan verdien hulle hiervoor die volle waardering wat dit werd is.

Wanneer ons die ou lêers, of versamelinge, van die *Patriot* en *Ons Klyntji* deurblaai en lees, sal ons 'n duidelike beeld vind van die lewe, die sedes, geloof, bygeloof en die sosiale betrekkings van daardie tyd. Gedurig het die redaksie die skrywers aangemoedig om wetenswaardighede, wat oor en oor vertel word, op te teken en die aan die blaaie aan te stuur. Dit was deur sommige gedoen, en sulke verhale word dan verder versprei. Om iets, wat iemand gelees het, oor te vertel stel hom in staat gebruik te maak van woorde deur die skrywer gebruik en dit vermeerder die verteller se woordeskat — wat ook as 'n vername kulturele ontwikkeling beskou moet word. Die leser bevind hom altyd in 'n skool waar hy meer woorde aanleer en gedurig vordering maak in sinbou, beskaafder taal, 'n gepaster wyse van uitdrukking en dies meer. En dit is juis hierdie soort lektuur wat 'n geskrif vir die swak leser aantreklik maak. Daar bestaan geen twyfel dat die *Patriot* en *Ons Klyntji* goed 'n 10,000 lesers gemaak het van mense wat tevore onverskillig was om 'n geskrif in hande te neem — sonder om melding te maak van die honderde jongmense wat hulle vir die taalstryd

en politieke organisasie voor berei het. Vandag nog handhaaf 'n koerant sy posiesie as kultuuropvoeder van die volk; want van alle geskrifte word die koerante die drukste gelees. En dit is so menslik om alles te glo wat in druk verskyn — al was dit maar verdigsels, wanvoorstellings of selfs opsetlike leuens. Wie 'n koerant se mededeling in twyfel trek moet hoor: »Wat stry jy nog, ek het dit dan self in die koerant gelees.«

Hierdie vertroue in wat in druk verskyn oefen 'n sterk invloed op die dink van 'n leser, sódat selfs 'n ongeoefende leser nie kan onderskei tussen 'n ware gebeurtenis en 'n verdigsel nie. Toe die verdigte verhaal *Di Koningin van Skeba,* deur ds. du Toit, in *Ons Klyntji* vir die eerste maal verskyn, het 'n menigte briewe die redaksie bereik om te vra of alles waar is. Vir 'n tyd gelede ontvang ek 'n brief van 'n jongman wat sy Standaard VI behaal het en hy vra: —

> »Daar ek 'n liefhebber van boeke is, het ek ook onder andere 'n boek deur u geskrywe gelees, getieteld *Nimrod Seeling.* My oom kry die boek van my om te lees. Daar raak ons toe in twee. Is dit 'n ware gebeurtenis of nie? Ek sê *nee,* my oom sê *ja.* Lig ons asseblief 'n bietjie in.«

So is daar etlike gevalle wat tog maar uiteindelik dieselfde doel bereik — naamlik dit leer die mense om te lees.

POLITIEKE DEEL.

§ 17 — DIE POLITIEKE STRYD.

MET die invoering van Verantwoordelike Bestuur in 1872 in die Kaap Kolonie het op politieke gebied lewe ontstaan. Dit was sowat drie jaar voor die Genootskap van Regte Afrikaners opgerig was. Die Kaap het toe 'n Parlement gekry waarin Engels die offisiële taal was. Maar hoeveel van die Afrikaanssprekende voormanne van die binnelande en selfs van die dorpe was die taal volkome magtig? Dus was daar vir hulle in die Parlement geen plek nie, en so het die Engelssprekendes as parlementslede die voortou geneem. Dit moes die Hollandse deel van die volk met leë oë aansien.

En dit word toe een van die vernaamste argumente van die Genootskap om Afrikaans deur die volk erken te kry en dan vir sy regte te veg tot binne in die Wetgewende Vergadering. Soos reeds opgemerk het die Genootskap ook vir die Hollandse regte hardnekkig geveg — wetende dat min lede Nederlands volkome magtig is, so sal die parlementslede tog maar Afrikaans in hul toesprake gebruik. Die stryd gaan vereers om Hollands deur die hoogste gesag erken te kry.

Dit is reeds vermeld dat Albert (Burgersdorp) die stryd vir die regte van Hollands toe opgeneem het. In verband hiermee moet die name van Oom Daantjie

van den Heever en A. S. du Plessis — twee van die moedigste stryers vir Afrikaans — in hoë eer gehou word omdat hulle hul aan die voorpunt van die stryd bevind het. In die Parlement het J. H. Hofmeyr — wat die Genootskap tot so'n groot diens was — soos 'n leeu geveg om Hollands erken te kry, en hy het bly veg tot hy die oorwinning in 1882 behaal het.

Die feit dat die *Patriot* die petiesies vir Hollands op eie kantoor laat druk het, deur eie agente laat versprei het en alle koste daarvan gedra het, toon al dadelik, wie die hitte van die dag gedra het. Die Kerk, wat ryker en beter georganiseer was, kon dit net so goed deur sy lede van die kerkraad laat doen het. Maar dit was eenmaal in die aard van die Genootskap, as hulle hul hand aan iets geslaan het, dryf hul dit met moed deur sonder hulle deur moeite te laat terugstoot.

Maar watter dank het hulle hiervoor ontvang? Reeds het die *Patriot* van 13 Januarie 1882 verklaar: —

> »En selfs die beweging ten gunste van Hollands het sy ontstaan direk en indirek aan die Afrikaanse Taalbeweging te dank, al het die laaste ook slegs »stank vir dank« daarvoor as wêreldsloon ontvang.«

Die indirekte invloed was, om die Hollands-gesindes aan te spoor om nog harder vir Hollands te ywer — al was dit net maar om Afrikaans te dwarsboom, of dit in die wiele te ry.

Omtrent die jaar 1879 was 'n belasting gelê deur die Kaapse Parlement op brandewyn; dit het groot ontevredenheid onder die wynboere veroorsaak, en het gelei tot die stigting deur J. H. Hofmeyr (Onse

Jan) van die vereniging met die lange naam van *Suid Afrikaanse Boerenbeschermingvereniging,* wat tot doel gehad het om net oor die belange van die boere (meer in besonder dié van die wynboere) te waak. Maar hulle wou hul nie met politiek inlaat nie. Art. 23 van hul konstitusie bepaal as volg:

> »Die Suid Afrikaanse Boerenbeschermingvereniging zal zich niet inlaten met party-staatkunde als zoodanig.«

Dit spreek vir homself, dat die vereniging hom oorhandig het aan die grille van alle partye. Die *Patriot* het hom sterk uitgelaat oor so 'n beginsel en daarop is in dieselfde jaar die Albertse Boerevereniging gestig. Hierdie laaste vereniging onderneem om oor alle boerebelange die toesig te hou insluitende taal en ook politieke regte. Die *Patriot* gaan toe verder en bepleit die stigting van 'n *Afrikaner Bond* wat 'n politieke liggaam sal wees. Hierin het ds. S. J. du Toit die leiding, om 'n konstitusie uit te werk, op hom geneem. En, soos ons weet, is al die teenswoordige stelsels van ons partypolitieke verenigings op die model van die *Bond* se konstitusie gebaseer, want die organisasie daarvan was so uitstekend dat dit haas onverbeterlik was. Nou is dit nie meer die belange van die wynboer alleen nie, maar van almal — wat hul beroep of ambag ook al mag wees, nl. boere, koopliede, ambagsliede en professionele. In die begin het J. H. Hofmeyr die idee *op papier* uitstekend gevind, maar vrees dat dit in die praktyk nie goed sal werk nie, en gee sy redes daarvoor op. Die *Patriot* ontsenu Hofmeyr se besware, en hy beloof om die *Bond* nie teen te werk nie, dog gaan

steeds voort om takke van die Z. A. B. B. V. op verskeie plekke in Kaapland te stig.

Die allereerste Bondstak was op 16 Junie 1880 gestig op die plaas Rooidam van Jan Wiid in die distrik Hope Town; Calvinia en ander plekke volg. In die loop van 'n jaar was die Bond die Z. A. B. B. V. reeds voor.

Die *Patriot* word toe die offisiële orgaan van die *Bond* Om die taalkwessie te reël, het die Genootskap gou 'n plan uitgedink deur *De Tolk* as Hollandse byvoegsel tot die *Patriot* uit te gee, waarin al die verslae van die *Bond* gepubliseer word. In sy uitgawe van die 20ste Januarie 1882 sê die *Patriot:* —

> »Ons stel Afrikaans nie as 'n *eis* nie; mar *eis vryheid* daarvoor omdat ons nie as »stomme« wil bywoon nie, waar ons wel iets kan *verstaan*, mar nie kan *saam praat* nie. Dit sal dus goed wees as ons provinsiale besture hulle met die taalkwessie *nie dadelik en beslis inlaat nie.*«

In die Vrystaat het die *Bond* goed voet gevat, spoedig was Hoofregter Reitz en ander regters daarvan lede.

Toe die *Bond* in die Transvaal in 1880 vordering begin maak, het die Driemanskap (President Kruger, Generaal Joubert en oud-President Pretorius) en ander invloedryke persone as lede toegetree. Maar die oorlog 1880—1881 het die voortgang gestuit. Ná die end van die oorlog maak die *Bond* verbasende vordering in die Transvaal onder die bekwame leiding van Jacob Middel van Dalmanûtha. Die beweging word toe deur »De Volkstem« in die Transvaal en deur die »Express« in die Vrystaat vurig verdedig. Aldus

het die *Bond* in Suid-Afrika 'n sterk *mag* geword en het na die slagvelde van Laingsnek, Ingogo en Majuba nog 'n groter besieling van hom laat uitgaan.

Die groot invoed van hierdie politieke liggaam het nie meteens as 'n onweersslag uit die lug geval nie — die volk was daarvoor geleidelik ryp gemaak.

Gou het die lede van die Boerebeskermingvereniging gevoel dat hul vereniging aan sy doel nie beantwoord nie, geesdrif daarvoor het verslap, vergaderings word sleg bygewoon, naderhand glad nie, en daarop het hulle in 1882 op 'n nasionale vergadering te Cradock besluit om met die *Afrikaner Bond* te verenig.

J. H. Hofmeyer word toe die leier van die Bondsparty in die Kaapse Parlement. Van toe af het die *Bond* sy eie lede in die wetgewende raad ingebring. Selfs Cecil Rhodes het hom as lid van die *Bond* laat inskrywe en sy eerste setel in die Kaapse Parlement het hierdie party hom besorg. Wat die *Afrikaner Bond* op politieke gebied verrig het, vind ons in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika opgeteken. En die liggaam het bly staan totdat die Unie van Suid-Afrika in 1910 geproklameer was.

Dit was nie die lede van die Genootskap wat die taal-, kultuur- en politieke kwessies met sukses enduit geveg het nie, maar wie sal nog betwyfel dat die Genootskap nie die sade daarvoor gesaai het nie? In ieder geval, hulle het die weg daarvoor geopen en die vegters daarheen gelei, al het hulle die erkenning daarvoor nie ten volle ontvang nie — dit neem die feit tog nie weg, die onpartydige geskiedenis sal tog nie lieg nie.